Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

CARNEGIE - BIBLIOT...
UNIVERSITEIT VAN STEL...
-6-1979
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Jaargang XXXIII Nr. 7 PRYS 10c

VRYDAG, 25 MEI, 1979

# OOP KOSHUISE — SR VRA BLOOT 'N ONDERSOEK

DIE Studenteraad het verlede week opspraak verwek deur in beginsel te aanvaar dat veelrassige koshuise, indien daar 'n behoefte voor is, kan ontstaan. Die universiteitsowerhede word in 'n mosie versoek om twee koshuise met internasionale status tot stand te bring. Die SR vra ook dat die verbod op gemengde danspartye ondersoek moet word.

In die mosie vra die SR die owerhede om alle beperkings betreffende losies en gemengde danse indringend te ondersoek. By implikasie verwerp die SR dus sodanige beperkings soos blyk uit die aanvaarding van die beginsel van oop koshuise. In dieselfde mosie pleit die SR dat instansies van die Universiteit groter seggenskap moet hê oor sake wat hulle raak. Dit het klaarblyklik betrekking op die res van die mosie, d.w.s. die oopstel van koshuise en danspartye. Die mosie is eenparig aanvaar.

### POSITIEWE STAP

Die SR verdien 'n pluimpie vir die sterk onderskrywing van 'n belangrike beginsel met hierdie mosie. As daar naamlik eers aanvaar is dat anderskleuriges op Stellenbosch mag studeer, moet hierdie oopstelling volkome wees en kan geen student op grond van velkleur aan beperkings onderwerp word nie. In 'n persverklaring waarin mnr. Jan de Wet die aanvaarding van die mosie gemotiveer het, wys hy daarop dat die huidige beperkings spontane en goeie onderlinge verhoudinge belemmer.

### PROF. DE VRIES

In sy reaksie op die SR-mosie, het die aangewese Rektor, prof. M.J. de Vries daarop gewys dat die oopstelling van Stellenbosch met dien verstande plaasgevind het dat regeringsbeleid gevolg sou word. Hoewel daar oënskynlik onduidelikheid in regeringsgeledere is oor die presiese status van anderskleuriges aan blanke universiteite, is die verbod op gemengde losies in navolging van groepsgebiedewetgewing. Daar is egter niks wat gemengde privaatpartytjies verbied nie. Prof. De Vries het verder gesê dat die Universiteit van Stellenbosch sterk aan die Afrikanergemeenskap verbonde is en die Universiteitsraad daarom waarskynlik nie stappe sal doen wat hierdie verbondenheid sal aantas nie. In die lig van die groot getalle anderstaliges wat reeds op Stellenbosch studeer en in koshuise bly, kan die posisie van 'n handjievol anderskleuriges beswaarlik oor hierdie boeg gegooi word.

Met die begrip *internasionale status* tref die SR blykbaar 'n analoog met die posisie van die internasionale hotelle . So 'n reëling sou dan ook nodig wees om die huidige groepsgebiedewetgewing te oorkom. **Dit behoort duidelik te wees dat 'n universiteit wat anderskleurige studente toelaat, 'n eiesoortige situasie skep waaruit voldoende regverdiging vir oop koshuise geput kan word.**

### VERANDERING

Stellenbosch het twee jaar gelede 'n groot stap vorentoe gegee met die toelating van die eerste anderskleurige studente. Saam met die huidige regeringspogings om 'n meer gelyke samelewing daar te stel, moet ook Stellenbosch die nodige veranderinge aanbring soos die tyd daarvoor aanbreek. Skaars sewe maande gelede het dieselfde SR 'n mosie oor die verbod op gemengde danspartye verwerp en is daar gesê dat die studente nie gereed was hiervoor nie. Vandag voel hulle duidelik anders oor hierdie belangrike kwessie.

### TOEKOMS

Dit word steeds duideliker dat Suid-Afrikaners mekaar meer op 'n persoonlike vlak sal moet leer ken ten einde die talle ongegronde voorbehoude wat in die pad van gesonde verhoudinge staan, uit die weg te ruim. Die opheffing van die bestaande enkele beperkings op anderskleuriges op Stellenbosch sal 'n belangrike praktiese stap in hierdie rigting wees.

FRANCOIS VAN DER MERWE

# *Cheers!*



*Hoofdirigent Herman de Beer en Sjampanjenooientjie Nikki Gerber klink hul glasies met Angela Roux en Graham Waters van die Ikeys.* *(Foto: Die Burger)*

# *Prof. Mike de Vries die nuwe Rektor*

DIE Universiteit van Stellenbosch se nuwe rektor is onlangs deur die Universiteitsraad verkies. Hy is prof. M.J. de Vries, die huidige vise-rektor.

Prof. De Vries is op 5 Mei 1933 gebore. Hy is getroud met mej. Renée Weber. Die egpaar het drie dogters.

**In 1953, op twintigjarige ouderdom, verwerf prof. De Vries sy B.Sc.-graad cum laude aan die Universiteit van Stellenbosch. Nadat hy sy M.Sc. in 1955 verwerf het, ontvang hy in 1957 'n studiebeurs van die Departement Landboutegniese Dienste en van die K.W.V., waarop hy na Duitsland vertrek. Hy verwerf die graad Dr.Rer.Nat. Summa cum laude aan die Albert Ludwig-Universiteit.**

### CHEMIE

In 1961 word hy aangestel as senior lektor in die chemie-departement op Stellenbosch. In 1964 word hy professor in fisiese chemie en in 1974 word hy bevorder tot dekaan van die fakulteit van natuurwetenskappe en in 1976 word hy vise-rektor.

**Prof. De Vries is 'n lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is 'n direkteur van Nasionale Pers en ook direkteur en onder-voorsitter van Somchem en Swartklipprodukte.**

### PUBLIKASIES

Prof. De Vries het reeds 24 publikasies in nasionale en internasionale vaktydskrifte die lig laat sien. Hy het ook agt populêr-wetenskaplike publikasies laat verskyn. Hy ontvang in 1970 die AECI-medalje van die SA Chemiese Instituut vir die mees uitstaande vakpublikasie.

Prof. De Vries is die medeskrywer van ses skoolboeke en hy is adviseur en medeskrywer van die wetenskaprubriek van die Afrikaanse Kinderensiklopedie. Die Oppenheimer Memorial Trust Fellowship en die Carnegie-reisbeurs is beide in 1968 aan hom toegeken.

Prof. De Vries se deelname aan bedrywighede op opvoedkundige vlak strek oor 'n wye front. Hy was lid van die Departementele Eksamenkomitee van die Kaaplandse Onderwysdepartement, lid van die Eksamenraad van Rhodesië en lid van die Toesighoudende- en Beplanningskomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement.



PROF. M.J. DE VRIES

### PLAASLIK

Hy was ook ere-president van die Wetenskaplike Vereniging en is tans ere-president van verskeie studenteverenigings. Op die oomblik is hy verantwoordelik vir die fisiese beplanning van die universiteit, studenteaangeleenthede, koshuisadministrasie, die Langenhoven-studentesentrum, sport, die rekensentrum, studentevoorligting, die Carnegie-biblioteek en die buro vir universiteitsonderrig. Hy is ook lid van die Senaat, die Universiteitsraad, die Vise-kanseliers-komitee en van subkomitees van die Raad. (Sien ook *Matie-gesprek* op bladsy 8).

# Hennie Lötter is SS-Redakteur

HENNIE Lötter, 'n teologiestudent in sy vyfdejaar, is as die 1979-redakteur van die Universiteit se jaarblad, *Die Stellenbosse Student*, aangestel.

Anders as *Die Matie, Dispuut* en *Stimulus*, is *Die Stellenbosse Student* nie net nóg 'n publikasie wat gelees word en



HENNIE LÖTTER

dan sy pad na die snippermandjie vind nie. Dit is 'n blad wat gehou word, moontlik selfs met 'n tikkie sentiment, as 'n herinnering vir eendag.

Dit is iets om te hou en daarom is dit belangrik dat dit juis die student moet verbeeld — iets by uitstek moontlik deur die gebruik van foto's. Daarom dan dat foto's vanjaar die kenmerk van *Die Stellenbosse Student* sal wees.

Hierbenewens sal daar ook 'n mate van hergroepering plaasvind, terwyl "Kuns" meer uitgebrei gaan word om ook musiek en drama in te sluit, iets wat verlede jaar beslis 'n gemis was.

### VERSPREIDING

Volgens Hennie is die ideaal vanjaar nie alleen 'n puik uitgawe nie, maar ook om die oplaag van 11 000 van verlede jaar, waarvan 1 500 vir verspreiding buite Stellenbosch aan die Ontwikkelingsdepartement gegaan het, te vergroot, sodat elke Matie 'n trotse eienaar kan word.

Die taak wat op Hennie Lötter en sy redaksie wag is gewis 'n gewigtige een en hy word sterkte toewens vir 24 Oktober, die verskyningsdatum van *Die Stellenbosse Student 1979.*

# *Redaksie: doen nou aansoek*

*DIE MATIE* sal nog tot die einde van die eerste semester deur die huidige redaksie behartig word.

Ingevolge 'n besluit van die Publikasiekomitee sal die redaksionele termyn in die toekoms saamval met die finansiële boekjaar en daarom begin die nuwe redaksie vanjaar 'n maand vroeër funksioneer. Daar sal nog een uitgawe van die huidige redaksie verskyn en wel op Vrydag 8 Junie.

Aansoeke om die volgende poste in die redaksie van *Die Matie* word ingewag:

**Hoofredakteur**
**Assistent-Hoofredakteur**
**Aktualiteitsredakteur**
**Advertensiebestuurder**
**Nuusredakteur**
**Interuniversitêre Redakteur**
**Sportredakteur**
**Sosiale Redakteur**
**Kunsredakteur**
**Hooffotograaf**

*Vervolg op bl. 5*



*Brümilda Jansen van Rensburg as Annie, en Melanie-Ann Sher as Helen in* Die Wonderwerk, *vir Kruik vertaal deur Pieter-Paul Fourie.*

# WONDERWERK
## GESINSTEATER

*DIE WONDERWERK* met Trix Pienaar, Melanie-Anne Sher, Marko van der Colff, Brümilda Jansen van Rensburg, Johan Esterhuizen, Amanda Strydom en ander in die H.B. Thom-teater. Regie: William Egan. Ontwerp: Raimond Schoop. Beligting: John T.Baker.

William Gibson se toneelstuk *The Miracle* is die eerste keer in 1959 in New York opgevoer. Pieter-Paul Fourie het dit vir KRUIK vertaal vir die huidige opvoering.

Die stuk speel in die tagtigerjare van die vorige eeu af. Dis die verhaal van die blinde, doofstom Helen Keller, en haar onderwyseres, Annie Sullivan, se pogings om haar gehoorsaamheid en taalgebruik aan te leer.

### SPRINGBOK-RADIO

**Uit die aard van die gegewe kon dit maklik 'n hartroerende verhaal met 'n sterk Springbok Radio-inslag geword het, volgens die beskrywing van die Nico Malan-bosjure. Die regisseur en spelers word met die dissipline wat hulle aan die dag gelê het, gelukgewens.**

Trix Pienaar het 'n geloofwaardige en sterk Annie Sullivan gespeel. Sy het oortuig as die aardse en praktiese vrou wat nie skroom om te erken dat sy om finansiële redes by die Kellers geland het nie. Haar eerlikheid het gesorg vir 'n paar ligter oomblikke in haar omgang met die res van die gesin.

Die sukses van Melanie-Ann Sher se vertolking van Helen is seker aan goeie konsentrasie, energie en 'n goeie regisseur te danke. Die eetkamertoneel waar in Annie vir Helen probeer leer om aan tafel te sit, met 'n lepel te eet en uiteindelik triomfantlik aankondig dat Helen haar servet *self* opgevou het, getuig van netjiese regie.

Die ander spelers het netjiese vertolkings gelewer: Die forse kaptein Keller wie se blaf erger as sy byt is; die tipiese spitsvondige bediende en Viney en Kate Keller, wat die onvermydelike probleme van 'n tweede vrou met haar stiefseun ondervind. Dit is nie die spelers se fout dat die skrywer die onderlinge verhoudinge in die gesin nie dieper ontgin het nie.

### GESINSTEATER

*Die Wonderwerk* het 'n geheelindruk van 'n netjiese produksie en 'n regisseur en spelers in beheer van wat hulle doen gelaat. Die stuk vertel sy verhaal sonder valse skyn van iets meer.

MORLETTE LINDSA[Y]

# EENUUR-VOORDRAG VOORSIEN IN BEHOEFTE

DRIE weke nadat die Universiteit in Februarie begin het, het mev. Harvey, dosent in Engelse Spraak by die Dramadepartement, 'n Engelse program *Work in Progress,* aangebied. Die gehoor was net dramastudente, maar dit is besonder goed bygewoon. Hierdie program was die begin van ongekende roering in die Departement.

Só 'n aanbieding het 'n tweeledige doel. Vir eers kan die student hier eksperimenteer en soek na gepaste vorme waarin verskillende genres uitgedruk kan word. Daarby is dit 'n uitstekende leerskool vir elke student in toneel en spraak, want hiperkritiese medestudente luister. In die begin is 'n student skoorvoetend, maar die berei hom voor vir die aanslae wat in die toneelwêreld wag. Dit is algemeen bekend, maar steeds interessant, dat 'n dramastudent verkies om voor 'n saal vol toneelgangers op te tree eerder as voor mede-studente.

Derdejaarstudente onder leiding van Rina Botha en Jeanine le Roux, bekende spraaklektrises, het reeds vier programme van "Voordrag in die Etensuur" in die koffiekamer en voorportaal van die H.B. Thom-Teater gegee. Die folksanger Hennie du Preez het sommige van hierdie programme met ghitaarmusiek gelei. Hierdie musiek, asook die drom-begeleiding by die laaste aanbieding, maak die program meer stemmingsvol.

Die begeleiding verbind ook die verskillende voordragte wat neig om losstaande en afgekap te wees, makliker tot 'n sinvolle geheel in een program.

### POËSIE-VLUG

Die goeie opkoms by hierdie geleenthede wys dat 'n behoefte daarna bestaan. Dit is verkwikkend om 'n geroetineerde dagtaak met 'n poësie-vlug te onderbreek. 'n Vers word tog deur 'n mens gemaak, en met die luister hoor die luisteraar iets bekends. Dit vers dien as't ware as 'n spieël. Dit is ongelukkig ook waar dat onnatuurlikheid en senuweeagtigheid by die voordraer die gehoor ongemaklik stel.

Die asem wat op so 'n wyse aan 'n vers gegee word, verhoed dat dit in 'n bundel versmoor. As die voordraer die vers fyn ontleed en verstaan het, en dit met die nodige spanning voordra, word lewe in die woorde geblaas. Dit is 'n onvergelyklike ondervinding om só met poësie te kan omgaan.

Op die oomblik sukkel baie van die studente nog om eerlik met die gehoor te kommunikeer. Meer afronding, 'n liggaam volkome onder beheer en nóg openbare voordrag, kan dit regstel.

### VERSET-VERSE

Op Woensdag 16 Mei is verset-verse en prosa in die voorportaal voorgedra. Dit is goed dat die studente nie by liefdesverse vasgesteek het nie, maar ook by die wyer temas én temas van onmiddellike belang stilstaan. Werke aan M.M. Walters, Breytenbach, Elsa Joubert (Uit *Poppie Ngogena*), Adam Small, Barend J. Toerien, R.K. Belcher en André P. Brink is gehoor.

### EKSPERIMENTEER

Die studente en lektrises moet met die goeie werk gelukgewens word. Dit is net jammer dat 'n klein getal van die studente-massa in werklikheid die program bywoon. *Die Maties is apaties* kring wyer uit as die politieke sirkel. Die Matie sien uit na soortgelyke programme. Dalk sal 'n paar meer gewaagde eksperimente die roering agter die Ou Hoofgebou behoorlik aan die roer sit.

RACHELLE GREEFF

# GRAHAMSTAD KUNSFEES

DIE *Sharp Festival* word in die komende Junie-vakansie weer in Grahamstad gehou. Die fees staan onder die beskerming van die 1820 Setlaars Nasionale Monumentestigting. Die vernaamste bedrywighede van die fees word van 7 tot 14 Julie in die Setlaarsmonument gehou. Daar is voorsiening gemaak vir elke feesganger se smaak en belangstelling.

### DRAMA

**Dit is veral die drama-afdeling wat studente van Stellenbosch sal interesseer. Dit is vanjaar die tweede keer dat die Nasionale Fees van Studente-Drama gehou word. USAT gaan die Universiteit met twee eenbedrywe verteenwoordig,** *Tot Hiertoe en Verder* **deur Dawid Minnaar en 'n Engelse eenbedryf,** *Interview* **deur Jean-Claude van Itallie. Dawid Minnaar is vroeër vanjaar as die beste studenteskrywer by die USAT-Dramafees aangewys.**

Die Universiteit van Pretoria voer A.P. Brink se *Pavane* op, Rhodes *Hitting Town* deur Stephen Poliakoff, díe Universiteit van Kaapstad bied Christopher Hampton se *Total Eclipse* en 'n groep studente van Wits voer *Will of a Rebel* op. Hierdie toneelstuk ondersoek die Breyten Breytenbach-geval en behoort groot aftrek te kry. Die toneelstukke word almal in die Box-teater van Rhodes Universiteit opgevoer.

Die musiekliefhebber het baie om na uit te sien. 'n Winterskool, wat meesterklasse met die ghitaarspeler Carlos Bonell en die pianis Lamar Crowson insluit, word aangebied.

### KUNS

Die kunsafdeling behels lesings, praatjies en kunsuitstallings met die tema *19de Eeuse Kuns en Mense.* Vir iemand wat nóg tyd het, is daar georganiseerde toere deur Grahamstad en na besienswaardighede in naburige dorpe.

Twee konferensies word gehou. Die konferensie oor Drama-in-die-Onderwys sluit lesings en praktiese demonstrasies in deur Kenneth Robinson van Brittanje, Esther van Ryswyk, Robin Malan en Janice Honeyman. *Indaba,* 'n toneelstuk is spesiaal vir die Internasionale Kinderteaterfees in New York deur Pe[ter] Krummeck geskryf.

### EKONOOM

Die tweede konferensie het betrekking op die ekonoom en sakeman. Die tema die *Vrye Onderneming en die Indiwid[u]*

**Studente kan in die universiteitskoshuise teen R7 per dag tuisgaan. Dit sluit die drie maaltye in. Verdere inligting en besprekingsvorms is beskikbaar by Die Feesbeampte, Feeskantoor, Posbus 30, Grahamstad 6140. Belangstellende studente kan ook met USAT in die L[...] skakel.**

# SONDAGAAND-FOLK HERLEEF

'n SONDAGAAND-folkkonsert is vir Stellenbossers 'n heerlikheid. Hierdie instelling het ongelukkig nog altyd aan deeglike organisasie gebreke gegaan. Te oordeel aan die konsert wat die nuutgestigte Stellenbosse Folk-klub op 13 Mei aangebied het, lyk sake vir gereelde folk-aande nou rooskleurig.

Vir folk-liefhebbers was dit 'n aand vol bevredigende musiek. Veral Dirk de Vos het met sy verfynde stem en intelligente komposisies gesorg vir 'n paar ontroerende oomblikke. Die Kaapstadse kitaarspeler Tony Cocks beskik oor 'n verstommende tegniek en dit lyk asof hy hier baie gewild gaan word.

### "JIG"-MUSIEK

Bob Denton en sy Ierse vriend, Paddy, het vroeër die aand met hul opgewekte "jig"-musiek 'n intimiteit geskep waaraan 'n groot deel van die sukses van die aand te danke was.

Die Stellenbosse Folk-klub is 'n amateur-beweging wat veral daarop gerig is om plaaslike folk-talent te bevorder. Terselfdertyd word besoekende kunstenaars aan Stellenbosse folk-liefhebbers voorgestel. Die Folk-klub vergader weer op Sondagaand 27ste Mei om 20h00 in die nuwe Sigma-koffiekroeg in Andringastraat. Alle belangstellendes is baie welkom. (Toegang: 50c)

WILLEM MÖLLER


Cobwebs
Dorpstraat 145

**LEWENDIG BYDERWETS GOEIE SMAAK**

Juweliersware, glasware, kerse, Liebermann- en Lesotho- erdewerk, maandjies en grasmatte, kaftans, leerwerk, beursies, syserpe en sjaals.
DRUKKERSLAAIE en alles om hulle vol te pak.
VINOTIQUE met glase, wyn-rakke, boeke, kurktrekkers, vaatjies, wyn kraffies.

**Ons maak ook gaatjies in die ore**


# BELOWENDE DEBUTE IN PENSEEL

SCHALK van Vuuren is 'n nuweling wat dopgehou kan word. Hy het 'n fyn aanvoeling vir die volkstaal en skryf, soos min studentedigters, met 'n verrassende eerlikheid. Luister na die volgende: "Hetsê! Grootrivier is vandag weer so onpassabel/ hy lê loer doer oor hy se walle". Sy eerste gedig toon tekens van beïnvloeding deur Van Wyk Louw (Klipwerk) en Peter Blum (Aftelrympie).

A.D. Pienaar se *soos 'n boer sou skryf* is een van die beste gedigte in *Penseel.* Pienaar het met hierdie gedig bewys dat hy kán skryf. Hierdie gedig slaag vanweë die sterk sintuiglikheid daarvan. Die boer se stryd met die droogte en die reën wat wegbly, word goed weerspieël. "Stryk 'n mankolieke skottelmaan / braaf deur die braakland van die lug". Net jammer dat "braaf" (deugsaam) hier verkeerdelik as dapper gebruik word.

Paul Cilliers het met *werksliedjie, stasie in die verbygaan* en *almal lag op straat* bewys dat eenvoud nog die jong digter se beste geweer is. Die ritme, die speelse erns en die sterk slotreëls maak dit iets besonders.

Chris van Jaarsveld maak die ander interessante debuut. Sy *By die dood van 'n aktrise* toon tekens van sensitiwiteit. Hy skep 'n goeie atmosfeer en reëls soos "toe die souffleur wink dat hy / nie meer woorde het / om saggies aan jou voor te sê", en "wat jou knikkend laat erken / dat alles maar net spel was", wys dat hy potensiaal het. Sy slotparagraaf is 'n bietjie geforseerd en kort afronding.

### "EMBRIO-VERSE"

Maria Rautenbach se verse is, om Opperman se terminologie te gebruik, "embrio-verse". Dit het die moontlikheid om te ontwikkel, maar kort nog harde werk. Sy skep 'n goeie atmosfeer, maar 'n gedig soos *karoodorp-sondagoggend* maak gebruik van 'n literêre verwysing (Van Wyk Louw se *Karoo-dorp: someraand*) wat nie in die gedig verantwoord word nie.

George Botha se *Kamer* is sy beste bydrae tot hierdie *Penseel.* Sy gedigte is nog vol foute en geykte taal soos, "maar 'n toevlug is die rusdag / en 'n verkwikking / dat ek net mag lê", is sy grootste vyand. Die slotreëls van *witklip,* "sommer in 'n bondel bontrok / en swaaibeen op 'n muur" is baie treffend.

### VAN HEERDEN

**Etienne van Heerden stel teleur met** *Rooi Boom.* **In plaas van die verwagte stygende lyn toon hy eerder stagnasie. Dat Van Heerden kan skryf, is ongetwyfeld waar, maar dat hy baie lesers kan flous, is ook waar. Van Heerden is een van Stellenbosch se prominentste digters, maar hy ly nog steeds aan die kwaal van onfunksionele beeldvermenging. Tematies is daar wel vernuwing in sy werk.**

Die parallel wat tussen die stagnasie by die digter en die despoot in *Dig[...]* getrek word, is treffend. Dit is ook [die] sterkste gedig in *Penseel.*

### FOUTE

Van die belangrikste foute in *Penseel* is onafgerondheid, geykte taal en neiging tot pretensie. *Penseel* handhaaf egter 'n goeie standaard en is nog steeds die beste onder die literêre tydskrifte van universiteite. Dit behoort vir enige studentedigter 'n eer te wees om in hierdie prestige-blad te kan publiseer.

Wyslik het die redakteurs met hierdie uitgawe besluit om voorkeur aan gehalte eerder as aan hoeveelheid te gee. Dis jammer dat bydraes soos dié van C. v[an] Rooyen en Petro Heydenrych die gehalte van die blad onmiddellik verlaag. Hulle moes òf 'n groter kans gekry het deur meer gedigte van hulle geplaas is, heeltemal uitgelaat gewees het.

IRNA VAN Z[...]

# GEBREK AAN TRADISIE IN SA TEATER

ROBIN Lake, verbonde aan die Drama-departement van die universiteit van Kaapstad, het Woensdagaand voor die Libertas-klub opgetree. Mnr. Lake, wat vier jaar gelede van oorsee Kaap toe gekom het, se jongste produksie was *Pirandello's Six Characters in search of an Author.*

Mnr. Lake het sy indrukke van die Suid-Afrikaanse teater kortliks opgesom. Hy meen dat Suid-Afrika se grootste probleem sy gebrek aan 'n teatertradisie is. Gehore het ook nog nie 'n tradisie waaruit hulle oordele kan vel nie, en daar is 'n behoefte aan 'n groot dinamiese toneelgeselskap. Toekomstige gehore moet produksies sien waaraan geld bestee is.

Daar is ook 'n wesentlike gebrek aan opleidingsfasiliteite vir regisseurs. Studente behoort die geleentheid te kry om hul universiteitskennis in die praktyk voort te sit. Mnr. Lake het 'n interessante opmerking gemaak dat daar klaarblyklik goeie werkgeleentheid vir akteurs in Suid-Afrika bestaan.

**BUSYBODY**

Die volgende produksie van die Libertas-klub is *Busybody* van Jack Popplewell. Die komedie speel af in 'n hedendaagse huis in Londen. Die huis word in kantore omskep, maar snaakse dinge gebeur . . . Die regisseur is George Duggan en die hoofspelers is Margot Anderson en Peter Viljoen. Dit word vanaf 12 tot 16 Junie in die Libertasteater opgevoer.

**JAPIE PIENAAR**



*Die Stellenbosse Universiteitskoor, o.l.v. dr. Johan de Villiers, bied môre-aand 'n uitvoering in die Endlersaal aan. Die uitvoering is spesiaal vir studente en die kaartjies kos R2 elk.*

# Tema van Ouderdom-jeug in Films

DIE US-Filmvereniging vertoon gedurende die volgende twee weke 'n reeks hoogaangeskrewe films. Hierdie films sentreer almal om die tema van ouderdom-jeug en belig dit vanuit verskillende perspektiewe.

**Maandag 28 Mei** (18h30 en 20h30 vir lede): *Umberto D.* van Vittorio de Sica (Italië, 1952). De Sica beeld op strak realistiese wyse die stryd uit van 'n gepensioeneerde klerk om sy menswaardigheid te handhaaf ten spyte van armoede en isolasie.

**Maandag 4 Junie** (18h30 en 20h30 – vir lede): *Ballade pour un chien.* Gérard Vergez (Frankryk, 1968). Soos De Sica ondersoek Vergez die proses van menslike vereensaming wat saamhang met ouderdom en wys op die kameraderie tussen mens en hond.

**KIND IN DIE FILM**

**Woensdaag 6 Junie** (19h00 – almal welkom): *My childhood* en *My ain folk.* Bill Douglas (Engeland, 1973/74). As hoogtepunt van die reeks oor die kind in die film word die reeds klassieke prente van Douglas vertoon.

**Maandag 11 Junie** (19h00 – vir lede): *Lina Braake* deur Bernard Sinkel (Duitsland, 1979).

20h30: *Autobiography of a Princess* deur James Ivory (Engeland, 1975). Sinkel verbeeld speels-krities die wraak van 'n tagtigjarige vroutjie op die gemeenskap wat haar opsy geskuif het. Ivory openbaar deur 'n fyn spel van film-binne-die-film die verlede van twee karakters. Prof. Whittock van die universiteit van Kaapstad sal hierdie film as vertrekpunt neem vir 'n bespreking.



*Kinkels innie Kabel deur André P. Brink is 'n parodie gebaseer op Shakespeare se Comedy of errors. KRUIK het hierdie toneelstuk van 8 tot 12 Mei in die H.B. Thom-teater opgevoer. Die spelers op die foto is Marko van der Colff (links) en Johan Botha.*

# KOMPETISIE VIR KOSHUISKORE

DIE Stellenbosse Kunswedstryd maak vanjaar voorsiening vir die deelname van koshuiskore. Daar bestaan reeds 'n hele aantal jare 'n beker vir die beste koshuiskoor. In die eerste jaar wat die beker toegeken is, het 'n hele paar koshuiskore deelgeneem, maar daarna het die inskrywings vinnig gedaal en in die afgelope paar jaar is daar nie 'n enkele inskrywing vir hierdie kompetisie ontvang nie.

Die gebrek aan belangstelling by koshuise is waarskynlik omdat die Kunswedstryd in die verlede te vroeg in die jaar gehou is. Sedert verlede jaar word dit in die tweede helfte van die jaar gehou. Vanjaar se kunswedstryd vind van 3 tot 18 Augustus plaas.

**HERLEEF**

Die Kunswedstrydkomitee wil graag die kompetisie vir koshuiskore laat herleef en doen 'n beroep op koshuise om kore saam te stel en vir vanjaar se kunswedstryd in te skryf. Inskrywings sluit op 15 Junie en volle besonderhede rakende inskrywing en deelname is in die 1979-sillabusboekie van die Stellenbosse Kunswedstryd beskikbaar. Die sillabusboekie is by Wever Boekhandel verkrygbaar. Inskrywings word ook by Wever gedoen.


NOU IN BELLVILLE

Vat die puik nuwe klank van CURLA saam

Terug van geslaagde toere in Europa en Engeland

* Heelweek oop.
* Versnaperinge en ligte etes teen billike pryse.
* A la carte-diens beskikbaar.




Outspan Hotel *TYYY
Strandweg Bellville
Tel: 97-2631/2

Vir pret en plesier

McCann-Erickson 9700A/2



BENODIG U

Fotografiese Toerusting
Pragtige Ateljee Foto's
Sakrekenaars
Kleurfilm Ontwikkeling
24 uur diens met gratis film

?

KOM KUIER VIR



EDRICH

Ryneveldstraat 34
Stellenbosch
Foon 5420


## Kuns Kalender

**KONSERVATORIUM**
26 Mei: Universiteitskoor
29 Mei: Lamar Crowson

**H.B. THOM-TEATER**
25 Mei: "Playboy Nestroy" (H. Lenderer)
26 Mei: Balletprogram deur KRUIK

**FILMVERENIGING**
sien berig bo.

**PENSEEL**
Is te koop by K210 en K230 in die Wilcocks-gebou.

**KUNSUITSTALLING**
Edrich: Beeldhouwerke deur Moses Kottler (tot 26 Mei).

# VERANDERINGE IS 'N MOET

## NUUS VAN ELDERS

### UPE IS KWAAD

STUDENTE aan die Universiteit van Port Elizabeth is hoogs ontevrede oor sekere nuwe reëls wat onlangs deur die Universiteitsraad aangekondig is. **Die Raad het besluit dat toekomstige sosiale geleenthede en studentevergaderings nie meer op weeksaande mag plaasvind nie.** Vergaderings word nou tot Vrydagaande, Saterdae en Saterdagaande beperk. Onder sekere buitengewone omstandighede mag die rektor, prof. Eddie Marais, 'n permit vir 'n weeksaandvergadering of byeenkoms toestaan, maar dit mag nie later as 8.30 duur nie. Dit blyk verder dat die bestaansreg van Jool en ander feestelike geleenthede ook deur die owerhede betwyfel word. Die Studenteraad het hulle sterk misnoeë hieroor uitgespreek, maar kon die universiteitsowerhede by 'n daaropvolgende vergadering nie oortuig om daarvan af te sien nie. Die Studenteraad kry op sy beurt ook teenkanting van die studente-unie omdat hulle kwansuis nie sterk genoeg standpunt teen die Raad se besluite ingeneem het nie. By 'n daaropvolgende massavergadering het die oorgrote meerderheid van die studente egter hulle steun aan die Studenteraad toegesê.

**Die ooglopende rede vir die instelling van hierdie nuwe reëls is dat die studente se akademie onder te veel ander kampus-aktiwiteite lei.** Daar is klaarblyklik bekommernis oor die lae slaagsyfer aan die universiteit.

### NOORDE SKAKEL

Die Studenteraad van die Universiteit van Potchefstroom het onlangs 'n besoek aan pres. Lucas Mangope van Bophuthatswana gebring. Gebalanseerde kontak kon egter nog nie verwesenlik word nie omdat die Tswana- universiteit se planne nog nie volvoer is nie. Moontlikhede van skakeling op ander vlakke bestaan wel en kan benut word. In 'n hoofartikel in *Die Wapad,* studentekoerant van die Pukke, word die besoek verwelkom. "Die blote feit dat die SR die moeite doen om met die president van Bophuthatswana kontak te maak, en die moeite en toegeneentheid van sy kant af, is reeds genoeg rede om bly te word. Dit is nog 'n tree op die pad van versoening en die bou van beter verstandhoudings tussen die volkere in suidelike Afrika," aldus die blad.

**Pogings van die Studenteraad van die Universiteit van Pretoria om kontak met die Universiteit van die Noorde te bewerkstellig, het egter misluk.** Die Tuks-SR het die kampus op uitnodiging van die Universiteit van die Noorde besoek, maar by hulle aankoms het die swart studente geweier om met hulle te praat. Waardevolle kontak is egter met swart en blanke personeel bewerkstellig. SR-lid Nelus Niemandt het die hoop uitgespreek dat die blankes se besoek gesien sal word as 'n bewys dat hulle bereid is om te gesels en dat dit toekomstige skakeling tussen studente van die twee universiteite moontlik sal maak.

### STEMPERSENTASIE 30%

In 'n onlangse tussenverkiesing by die Pietermaritzburgse kampus van die Universiteit van Natal is een konserwatiewe en twee liberale kandidate verkies. Die konserwatiewe kandidaat, Philip Kapp, het die tweede meeste stemme verwerf. Die liberale kandidate was Malcolm Ross en Derek Alberts. Die stempersentasie was 30%. Die SR bestaan tans uit elf lede wat affiliasie by Nusas steun en twee wat disaffiliasie voorstaan. Apatie het egter hoogty onder die studente gevier en net 57 mense het die verkiesingsvergadering bygewoon.



DR. VAN ZYL SLABBERT

## Van Zyl Slabbert praat voor Kovsies

DIE PFP-LV vir Rondebosch, dr. F. van Zyl Slabbert, het onlangs di kampus van die Universiteit van die Vrystaat besoek. Hy het di dosentevereniging van die Kovsies toegespreek oor die huidig grondwetlike bedeling en later die dag 'n *Ordes*-vergadering, di Kovsie-aktualiteitskring, oor die onderwerp *Die Afrikaner – Vand en Môre.*

Aan die dosente het hy gesê dat omdat ons in 'n plurale samelewing vasgevang is, en die verskillende etniese groepe gedurig met mekaar kompeteer, demokrasie in Suid-Afrika vanuit 'n liberale oogpunt gesien, nie moontlik is nie. Om van dominasie van groepe deur een groep weg te kom, moet ons eers 'n aantal probleme die hoof bied.

Ons moet in die eerste plek wegbeweeg van eensydige politieke besluitneming. Tweedens het hy te velde getrek teen verpligte pluralisme. Persone word deur die wet verplig om aan een of ander etniese groep te behoort. Dr. Slabbert staan vrywillige assosiasie voor. Verpligte pluralisme ontlok 'n teenreaksie by die swartes om deur swartmagbewegings solidariteit te kry. Ten derde staan dr. Slabbert 'n oorskakeling van grondwetlike bestel voor wat konstitusioneel sal geskied.

Vrae uit die gehoor het dit duidelik gelaat dat dit vir dr. Slabbert en sy party moeilik sal wees om 'n finale oplossing te verkry.

Op die *Ordes*-vergadering het d Slabbert gesê: "Hoewel 'n Afrikan enige iemand is wat Afrikaans praa koppel ek nogtans Afrikanerskap hoo saaklik aan regeringsondersteuners e daarmee aan die monopolie van di politiek in Suid-Afrika." Volgens d Slabbert is die Afrikanerskap verbond aan 'n bestel van dominasie, m.a.w. di Afrikaners neem besluite vir and mense wat daar niks aan kan doen ni Dr. Slabbert wil op 'n ordelike wys hiervan wegbeweeg. Ontvoogding is di strewe van die huidige konstitusione bestel. Dit is egter 'n ontoereikend oplossing vir die probleem van domina sie deur een groep.

### BEHOUD

Volgens dr. Slabbert is die statu quo die Afrikaner se bron van verse m.a.w. die Afrikaner beywer hom v die behoud van die huidige beste Solank as wat dit voortduur, sal kon flikte en stryd aan die orde van die da in Suid-Afrika wees.


BAUSCH & LOMB
SOFLENS
CONTACT LENSES

help your schoolwork because you see well

help keep you active in sports without bothersome glasses

help your social life because you look better







BAUSCH & LOMB SOFLENS (polymacon) Contact Lenses are soft, flexible and comfortable.

BAUSCH & LOMB



Prescribed more than any other soft contact lens.

To find out more discuss with your eye care practitioner, or write to Soflens Div. P.O. Box 3300, Jhb. 2000.

BAUSCH & LOMB and SOFLENS are trademarks of Bausch & Lomb Incorporated.

# KRY BESIGHEDE WAARDE VIR GELD?

## *Adverteerders verskil*

SOSIALE REDAKSIE

**Vrolik?**



*Studente is vir besighede op Stellenbosch 'n belangrike bron van inkomste – en dikwels 'n bron van verleentheid. Neem egter die studente weg en beide verdwyn. Adverteerders verskil oor die hantering van studente.*

MELK die studente die sake-ondernemings op Stellenbosch met hulle voortdurende vraag na advertensies en borge? Kry hulle te min waarde vir hul geld deurdat die studente hulle swak ondersteun? Om antwoorde op hierdie belangrike vrae te kry, het *Die Matie* se sosiale redaksie onlangs 'n ondersoek op Stellenbosch geloots.

Die reaksies op die vrae was (voorspelbaar) wyd uiteenlopend en die redes interessant. Oor die algemeen is almal dit eens dat studente hulle goed ondersteun. 'n Uitsondering op die reël is die Lanzerac wat meen dat te veel studente hulle op die verkeerde manier ondersteun. Volgens mnr. Galloway is Lanzerac by uitstek geskik vir klein intieme geleenthede en "ontspanning met grasie". Ongelukkig wil party studente dit nie insien nie. *"Ek verwelkom studente wat reg geklee (baadjie en das) saans rustig wil verkeer oor 'n glasie wyn, maar maak beswaar teen drinkers wat heeldag hier te kere gaan".*

### KYK NET BOEKE DEUR

**Eike Boekhandel voel ook dat hulle te swak deur die studente ondersteun word. Baie studente kyk net die boeke deur maar koop selde iets. Mev. Upham van Eike beweer dat sy selfs al verliese gely het vanweë winkeldiefstal deur studente. Ook die plaaslike gesondheidswinkel meen dat slegs 25% van hulle totale klandisie studente is. Daarby het gesondheidskosse 'n beperkte mark en die meeste studente koop net klein dingetjies soos 'n "noogy bar".**

### ONEFFEKTIEF

Heelparty besighede adverteer egter nie in *Die Matie* nie, omdat dit volgens hulle oneffektief is. Mnr. Fransie de Wet van 'n bekende plaaslike firma meen dat *Die Matie* te ongereeld verskyn. Koshuiskoerantjies is in elk geval nie 'n goeie proposisie nie. Mnr. Wever daarenteen sê dat 'n mens kan verwag dat studente ondersteuning wil hê, net soos Wever-boekhandel ook ondersteuning verwag. "Op dié manier help ons mekaar". Pikkie Blommaert adverteer in *Die Matie*, "al is dit net tradisiehalwe." Volgens die bestuurder koop studente deesdae baie minder by sy firma as wat hulle in die veertiger- en vyftigerjare gedoen het. Dit skryf hy toe aan die informele kleredrag wat studente deesdae klas toe dra. Ten spyte hiervan sal hulle nog steeds in *Die Matie* adverteer, omdat hulle graag die studente wil help.

### BEPERKTE LESERSKRING?

**Johan Brink vind dit geensins lonend om in *Die Matie* te adverteer nie, vanweë die beperkte leserskring daarvan en die prys wat 'n advertensie kos. Ná al die jare is hulle oortuig dat dit geen verskil aan hulle klandisie maak of hulle 'n advertensie plaas of nie. Dit is vir hulle baie meer effektief om in die geval van 'n uitverkoping pamflette te versprei en 'n kennisgewing op hul venster te plak. Buitendien is hulle die enigste mansuitrusters op die dorp wat hulle daarop toelê om in die vraag van die jong modebewuste studente te voorsien.**

### NEGATIEWE BERIGTE

Volgens die bestuurder van die *Spur* behoort dit duidelik te wees waarom hulle nie meer in *Die Matie* adverteer nie. 'n Berig wat vroeër in *Die Matie* verskyn het, sou die *Spur* met 'n *Wimpy Bar* vergelyk. Die bestuurder voel dat geen besigheid in 'n koerant sal adverteer wat sulke negatiewe berigte versprei nie. *(Die bestuurder verwys skynbaar na 'n vorige berig wat die verskillende eetplekke op Stellenbosch vergelyk het. Die berig het 'n blote informatiewe doel gehad en wou geensins aanstoot gee nie. – Sosiale Redakteur).* Die bestuurder van die *Spur* meen dat dit in elk geval nie nodig is om te adverteer nie, omdat hulle so sentraal geleë is (naby Tollies?) en 75% van die gereelde besoekers, studente is.

### BESIGHEIDSLEWE

Mnr. Anderson van Logans sê dat dit onmoontlik is om (wat advertensies betref) in die studente se behoeftes te voorsien. "Dan dink hulle jy stel nie belang nie! " Volgens hom is studente ook nie bewus van advertensies nie. "Eers as jy self in die besigheidslewe kom, raak jy bewus van advertensies."

### MARKNAVORSING

Dit is egter interessant om op die mening van mev. Deacon van Cobwebs te let. Sy was jare lank betrokke by marknavorsing en voel dat, indien 'n besigheid enige besware t.o.v. ondersteuning het, die oorsaak gewoonlik in eie midde lê. Die besighede behoort eers hul eie diens en verkoopsware te ondersoek.

### WAARDE VIR HULLE GELD

**Heelparty besighede meen darem dat hulle waarde vir hulle geld kry, "want die advertensies is baie goedkoop". Veral die groter boekwinkels baat by die goedkoop advertensies, aangesien bykans 90% van hulle klandisie studente is. Beide HAUM en UUB het nog altyd die studente gesteun en wil hulle graag help. Ook die fotografie-studios is grootliks van studente afhanklik en baat baie daarby om te adverteer.**

### ADVERTENSIEBELEID

Wat studente miskien nie weet nie is dat verreweg die meeste (indien nie almal nie) besighede jaarliks 'n bedrag begroot vir adventensies en/of borgskappe en as dit op is, is dit op! Die groter kettingwinkels se advertensiebeleid word deur 'n kantoor "iewers in Johannesburg" uitgewerk, en neem nie noodwendig altyd die behoeftes van die studente in ag nie. **Dit hang van elke individuele bestuurder af hoe hy sy begrote bedrag gaan aanwend in 'n spesifieke boekjaar – daarom is sommige gou op, en ander nooit!**



*So lyk Stellenbosch (in teenstelling met die foto hierbo) as die studente weg is: LEEG.*

# IS BESIGHEDE LOJAAL?

DEON VAN NIEKERK

TYDENS 'n onlangse meningspeiling (sien berig elders op dié bladsy) deur die Sosiale Redaksie van *Die Matie*, het die redes aan die lig gekom waarom sommige besighede in studenteblaaie adverteer en ander nie. Dit is moontlik om die besighede rofweg in twee hoofgroepe te verdeel: dié wat lojaal is teenoor studente en hulle graag help, en dié wat meen dat hulle niks aan die studente verskuldig is nie.

Dit lyk tog asof naastenby alle besighede op Stellenbosch van studente afhanklik is. Die mate waarin dit geskied, hang af van die produk wat aangebied word. Baie min besighede kan egter 'n potensiële klandisie van 12 000 studente verontagsaam. Stellenbosch is in 'n unieke situasie in dié sin dat die meeste ander studentegemeenskappe in veel groter stede gehuisves word waar besighede hoogs kompeterend is. In Stellenbosch het baie besighede 'n monopolie, en is in staat om studente uit te buit.

### LOJAAL

Dit is net eenvoudig reg ("fêrply") dat besighede lojaal sal wees teenoor studente en hulle finansieel sal bystaan – soos mnr. T. Wever gesê het: "Op dié manier help ons mekaar". Sou dit dan onbillik wees om te vra: ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS?

*(Vervolg vanaf bl. 1)*

**Taalredakteur**
**Subredakteur, Nuus (2 poste)**
**Subredakteur, Sport (2 poste)**
**Subredakteur, Sosiaal**
**Subredakteur, Kuns**
**Subredakteur, Interuniversitêr**
**Nuusverslaggewers (9 poste)**
**Interuniversitêre verslaggewers (5 poste)**
**Sportverslaggewers (9 poste)**
**Sosiale verslaggewers (6 poste)**
**Kunsverslaggewers (6 poste)**
**Fotograwe (4 poste)**
**Spotprenttekenaars (2 poste)**
**Hoofverspreider**
**Verspreider (2 poste)**
**Sekretaresse**

Aansoeke moet gerig wees aan:
**Die Redakteur,**
**Die Matie**
**LSS.**

Die sluitingsdatum is Maandag 11 Junie om 12h00. Redakteurs en Subredakteurs se aansoeke moet vergesel van toepaslike ondervinding.

## *Neem Kennis*

**DAAR is nog twee vakatures in die huidige redaksie van *Die Matie*.**

**Aansoeke moet die redakteur nie later as Maandag 28 Mei om 12h00 bereik nie.**

**(LW: Dié poste sal net vir die laaste uitgawe geld.)**

**Die poste is:**

**SUBREDAKTEUR, NUUS**

**SUBREDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR.**


**EIKE BOEKHANDEL**

**Beyerstraat (Langs die Spur)**

**Tel. 6139**

Sagte- en Hardebandboeke

Groetekaartjies

Skryfbehoeftes

Tydskrifte

Geskenke

Fotokopieë

**OOP SAANS TOT 8:00**

# PERS SKEP WANINDRUK OOR MOSIE

NIC KOORNHOF, skryf:

NA aanleiding van opskrifte van berigte wat reageer op die SR se mosie i.v.m. anderskleuriges op die kampus, is dit vir ons duidelik dat daar moontlike waninterpretasies bestaan omtrent die bedoeling van die mosie. Hierdie waninterpretasies blyk veral uit opskrifte soos: "Matie SR vra twee oop koshuise", en "Oop koshuise nie beleid".

**Dit is hieruit duidelik dat die wanopvatting ontstaan het dat die SR onmiddellike oopstelling van twee koshuise op die kampus gevra het.** Dit was egter nooit die versoek van die SR nie. Die mosie was 'n aanvaarding van die beginsel van oop koshuise, sodat, indien die behoefte dit later sou vra, 'n ondersoek na losies vir anderskleuriges ook oorweging sal gee aan hierdie moontlikheid.

Dit sal nooit die bedoeling van die mosie om 'n versoek te rig teen landswette in nie, want dit sou onsinnig wees. Wat wel deur die SR erken is in sy mosie, is die feit dat die eiesoortige omstandighede wat hier geskep is, met oopstelling, eiesoortige oplossings regverdig vir behoeftes wat mag ontstaan.

**Die SR het deurgaans in sy aanvaarding van die beginsels wat in die mosie vervat is, die noodsaak daarvan erken dat die implimentering van hierdie beginsels onderhewig sal bly aan die lede van die Studente-unie wat daardeur geraak sou word.**



*Die kampus was verlede week in rep en roer toe sowat 'n duisend studente na die administrasiegebou opgeruk het om te protesteer teen die uitsetting van die vrugteverkoper, Eddie.*

*Die uittredende rektor, prof. Jannie de Villiers, het op versoek van die studente, beloof om die saak te ondersoek.*

# *ELOFF IN SOP*

MNR. Theuns Eloff, ASB-president en SR-voorsitter van die Universiteit van Potchefstroom, is vroeër die week deur die Senaat van die Teologiese Skool aan die universiteit van verdere klasbywoning geskors. Die reëling is klaarblyklik slegs voorlopig tot tyd en wyl verdere samesprekinge gevoer is. Mnr. Eloff is in sy voorlaaste studiejaar aan die Teologiese Skool.

Die klaarblyklike rede vir sy skorsing is 'n berig wat onlangs in die studentekoerant, *Die Wapad*, verskyn het. In die berig verskyn o.a. 'n mosie van die SR waarvolgens die Universiteitsraad gevra word om die Skrifgefundeerde besware teen dans te herondersoek. Die SR het hom bereid verklaar on danse onder sy toesig te reël.

### GEEN KOMMENTAAR

Die rektor van die Teologiese Skool, prof. Peet Coetzee, asook die rektor van die Universiteit, prof. Tjaart van der Walt, wou geen kommentaar oor die aangeleentheid lewer nie.

**Dit is nie die eerste keer dat mnr. Eloff met die owerhede vassit nie. Verlede jaar het die Potchefstroomse afdelingsbestuur van die Nasionale Party pogings aangewend om hom vanuit die party te skors. Die klag teen hom, as sou hy in sekere openbare uitsprake nie die beginsels van die Nasionale Party weerspieël nie, is later ter syde gestel. Daarby het mnr. Eloff onlangs heelwat kritiek vanuit ASB-geledere ontvang. Veral die kolleges was sterk krities oor sy "liberalistiese" en "linkse" sieninge van sekere van ons kardinale volkereverhoudingsprobleme.**



THEUNS ELOFF

# NAVIGASIETOER WORD AFGESTEL

DIE Ingenieurstudenteraad het op die ISR-vergadering van 4 April besluit om die 1979-Navigasietoer voorlopig af te stel. Hierdie besluit het gevolg op die dringende versoeke deur lands- en universiteitsowerhede dat die VSIS ook 'n bydrae sal lewer tot die nasionale petrolbesparingsaksie.

Hoewel toestemming vir die hou van die Navigasietoer reeds van die meeste belanghebbende liggame verkry was, het die ISR gevoel dat dit gehoor sou gee aan die versoeke tot petrolbesparing en die toer is vir 1979 afgestel. Die meriete van die saak sal egter weer in 1980 oorweeg word.

**Alternatiewe in die gees van die Navigasietoer word op die oomblik ondersoek, en moontlikhede wat reeds genoem is, is die hou van 'n metanolwedren of om 'n praktiese mensaangedrewe voertuig te bou.**

# Toerkoors pak Maties: Inskrywings stroom in

TOER- en ski-koors het Matieland beetgepak! Dit is al afleiding wa 'n mens kan maak uit die ongekende belangstelling wat heers vi die Matie-toer wat in Desember vanjaar na Europa vertrek.

Inskrywings en deposito's stroom tans so vinnig in dat die organiseerders reeds meer plekke op die toer moes bespreek.

### NEUSIE VERBY

Alle Maties wat nog belangstel om saam te gaan, moet so gou moontlik van hulle laat hoor voordat dit neusie verby vir hulle is. Die Matie-toer besoek vanjaar tydens Desember die meeste van die belangrikste lande van Europa. Oor die Kerstyd word 'n week in 'n ski-oord in Noord-Italië deurgebring om geesdriftiges 'n kans te gee om te leer ski.

Talle interessante plekke word met die toer besoek – Londen, Nederland, Duitsland, Oostenryk, Italië, Switser land en Frankryk. Een van die voordel van die toer is dat toerlede baie be sienswaardighede sal besoek, maar ook volop vrye tyd sal hê om op hul ei rond te loop.

Daar is goeie verblyf gereël. **Die reëlings is in die hande van een van die grootste toerorganiseerders in die wêreld.**

Die boodskap aan alle Maties is dus Opskud voor dit te laat is.

Belangstellendes kan nog vir Han van Dyk, (toerorganiseerder) by tel 70572, of Matie Geldenhuys by Je International in Andringastraat om ver dere besonderhede nader. Name kan ook by die SR-kantoor in die LS ingehandig word.

# *BERNIE BUYS – SR-KANDIDAAT?*

IAN THERON, SILVER TREES, skryf:

DT lyk vir my asof die spreekwoordelike "winde van verandering deesdae verantwoordelik is vir 'n kroniese (hooi)koorsepidem hier op Stellenbosch. Met HK- en SR-verkiesings wat in die toekom wink, probeer sommige kundige onkundiges verbete 'n vastrapple onder ons studente kry. En hoe subtiel word daar nie te werk gega nie!

Neem nou maar die geval Berni Buys. Hier het ons te doen met iemand wat blindelings rondtas na die blaker met die kers, maar slegs in die duister te doene het met sy eie sweet en steungeluide.

In die afgelope paar jaar het mnr. Buys (so lyk dit vir my) 'n ongekende passiwiteit geopenbaar waarin net die grys selletjies van sy brein oortyd gewerk het. Soos 'n duifkuiken wat vanuit 'n veilige boomnessie op die kampus afkyk, is mnr. Buys gevoed met alle aasbrokkies wat opgepik kon word. Die jaar 1979 (so sal dit in die anale opgeteken staan) het deur middel van 'n opgekropte emosie en 'n drang (so veronderstel ek) na erkenning krag en sterkte gebring.

**Die eerste persoon waarheen mnr. Buys vasvlieg, is mnr. Jan de Wet, die huidige SR-voorsitter. Dit gaan hier "nie oor pro-/anti-affiliasie nie, maar oor die slinkse wyse waarop die SR besig is om Stellenbosch by die ASB te affilieer." (*Die Matie*, 27 April). Klein is miskien die woord, maar baie groot die gebaar, want in mnr. Buys het die Studente-unie nou 'n ware beskermheer gevind wat waarlik die Unie se belange op sy tong (ekskuus; sy hart) dra.**

Met die Inligtingsvergadering word die taktiek verander: Klein is die g baar, maar gróót die woord. In bulderende stem dra mnr. Buys standpunt oor tot in al die leë uithoe van die D.F. Malan-sentrum, waarna paar aanhangers agter in die saal ywe die applous probeer aanhelp het.

Ter verdediging en beskerming va FOKUS laat mnr. Buys weer van ho hoor (*Die Matie*, 11 Mei) en omdat krediete op 'n stewige hoogte lê, wo van die koerant geëis om in die midd van die voorblad verskoning te ma sodat 'n naam in ere herstel kan wor Dié voortvarende houding kom eg verder tot uiting deurdat *Die Matie* m optrede deur die "persraad" gedr word. (Nog nooit van die Publika komitee gehoor nie, mnr. Buys? ).

**Met die ASB-referendum het m Buys darem toe sy sin gekry. Dit is n seker die tyd om rustig agteroor te en terug te kyk oor al die harde we met die hoop dat dit goeie vrugte afwerp. 'n Mens wonder tog of daar dese nog ink in mnr. Buys se pen oor sodat hy op mnr. De Wet se u nodiging (*Die Matie*, 11 Mei) kan ageer.**

As die stembusse volgende seme weer open, sal ons as buitestaande net sagweg fluister: Salig is diegene w min verwag, want hulle sal nie teleu stel word nie.



*Hierdie Matiespan, bestaande uit die lede van die Intervarsity-komitee, het gelykop gespeel teen die Ikeys se Intervarsity-komitee. Die telling was 4 elk en die wedstryd is in 'n baie goeie gees gespeel. 'n Geselligheid is na die wedstryd gehou.*

# "REGERING MISLEI DIE VOLK"

DIE "politieke oëverblindery" van die Regering werk wantroue in die hand, het mnr. David Curry, bruin leier van die Arbeidersparty, op 'n onlangse SAAK-vergadering gesê.

Ten aanvang het mnr. Curry die situasie in historiese perspektief geplaas en die wortels van ons probleme by die slawetydperk gaan haal. Dié struktuur het skeiding tussen eienaar en slaaf daargestel wat só in ons lewenswyse ingebed is dat ons steeds nie daarvan kan ontsnap nie. Dit word nog duidelik gesien in die slawementaliteit van so baie Kleurlinge en die baas-houding van baie blankes. 'n Ernstiger gevolg is dat velkleur in Suid-Afrika 'n politieke realiteit geword het. Die Kleurlinge weet dat hulle nie weens hul etnisiteit verwerp word nie, maar weens hul velkleur. "Witheid" tel in Suid-Afrika.

### DIREKTE OORSAAK

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is die direkte oorsaak van wat op die oomblik aan die gang is binne Kleurling-geledere. Aangesien lidmaatskap van die bestaande politieke partye ingevolge hierdie beleid vir hulle onmoontlik geword het, is die Kleurlinge genoodsaak om hul eie partye te stig en hul eie denke te ontwikkel. So het nuwe politieke en sosiale strukture ontstaan. Die invloed van nuwe wetgewing soos die Groepsgebiedewet is baie wesenlik. Sedert die vroeë 1950's word Kleurlingkinders groot in afsondering van blankes. In moeiliker ekonomiese tye het hulle wel nog by blankes gewerk, maar deesdae geld dit nie meer algemeen nie en het die nuwe geslag 'n nuwe filosofie ontwikkel, nl. Swart Bewustheid. Dit is wel 'n aparte identiteit, maar nie van onderskeie volke nie en eerder 'n teenvoeter vir "wit bewustheid", met die doel om die Kleurlingmense te leer om hul koppe op te tel, nie meer skaam te wees oor hul voor- of herkoms nie, en hul saak te stel. Die filosofie leer: Die Here het jou gemaak en jy is mooi juis omdat jy swart is.

Die nuwe situasie is dat onderhandelings nou gevoer moet word met swart Suid-Afrikaners, en nie met groepe, soos die Kleurlinge, nie.

Die Arbeidersparty het probleme met hul eie identiteit. Hulle weet nie wie die Kleurling nou eintlik is nie, want daar is so baie diversiteit binne die groep self. Daarom is hulle heftig gekant teen dr. Bergins van die Vryheidsparty se beheptheid met Kleurling-identiteit. Maar hulle is veral teen die simplistiese swart-wit-onderskeiding wat die Regering maak. Hiervolgens is dit wettig vir 'n blanke NG lidmaat om te trou met 'n blanke Jood, en vir 'n Kleurling-Rooms Katoliek om met 'n Moslem te trou, maar nie vir 'n Kleurling en blanke nie, al behoort albei aan die NG Kerk en praat albei Afrikaans. Voorts word die blankes as 'n etniese groep beskou, maar die vraag ontstaan in hoe 'n mate hulle as geheel werklik 'n etniese groep is. 'n Mens sou wel van die Afrikaners as 'n etniese groep kon praat. Dit bewys vir hulle dat blank die norm is.

### STEMREG

**Dit is wel waar dat die Arbeidersparty die bestaan erken van verskillende groepe, maar hulle wil nie dat dit so normatief as tans gebruik word om beleid te bepaal nie. Wanneer hulle stem, wil hulle nie stem vir 'n groep nie, maar vir 'n party, soos die Suid-Westers vir die D.T.A. kan stem.**

Die stadium is nou bereik waar ons die keuse het tussen onderhandeling om die konferensietafel en die geweerloop. Maar hulle is slegs optimisties oor onderhandelinge as hierdie inkonsekwente benadering van die Regering deurbreek kan word. Mnr. Curry is wel bly om te kan sê dat waar mnr. Vorster nie bereid was om oor beleid te onderhandel nie, mnr. P.W. Botha wel bereid is om oor beginsels te praat.

Mnr. Curry is baie duidelik oor wat sy mense t.o.v. die nuwe grondwetlike bedeling verwag – 'n eenheidstaat bestaande uit een nasie, geregeer deur een parlement wat deur 'n een-man-een-stem verkiesing daargestel word.

### VERTEENWOORDIGING

**Hulle verwerp die voorstelle van die Regering omdat "die Regering die rasseklassifikasiewet in die grondwet wil inskuif". Die onderskeid tussen die drie deelnemende groepe word nou die "basis" van die grondwet. Oor die onderhandelingsvlak is die Arbeidersparty nie tevrede nie. Mev. Jansen, voorsitster van die V.K.R., is 'n amptenaar wat deur die Regering aangestel is en sy verteenwoordig glad nie die Kleurlinge nie. Hulle glo nie dat die Regering vir hulle beheer oor hul eie sake wil gee nie. Wat wel gebeur het, is dat, in die lig van die gevaarlike omstandighede, die Regering nou die groepe wat die naaste aan hom is, wil nadertrek. Optelsomme word gemaak; met al die tuislande onafhanklik bly daar 8 miljoen swartes oor. Met die 4½ miljoen blankes, 2½ miljoen Kleurlinge en 1 miljoen Indiërs, gee dit hulle iets wat naastenby lyk soos meerderheidsregering en waarin die blankes boonop die meerderheid het. Die Arbeidersparty glo dat Afrikanerdom ryk genoeg is om nie hierdie soort beskerming nodig te hê nie.** Mnr. Curry sê dat die blankes n.ks prysgee met hierdie voorgestelde grondwet nie. Daar is bepaal dat die Volksraad die soewereine gesag sal wees. Nou vind die Regering dat daar nie drie neweskikkende soewereiniteite kan wees nie, en verander hulle die name van die Kleurling- en Indiërliggame na die Huis van Verteenwoordigers en die Kamer van Afgevaardigdes.

# Mej Eendrag



*Christene Vosloo is onlangs as vanjaar se mejuffrou Eendrag aangewys. Op die foto verskyn sy met Hettiene Loxton (links), verlede jaar se mejuffrou Eendrag.*

# 'Diktatuur beperk PFP'

MNR. Nic Olivier, Direkteur van Navorsing van die PFP, is van mening dat die Regering deur middel van 'n diktatuur van die meerderheid besig is om die demokratiese funksie van die wit Opposisie in Suid-Afrika tot 'n kragtelose bydrae te beperk. Hy het 'n vergadering van die studentetak van die PFP toegespreek oor die onderwerp *Die Rol van die Party.*

Demokrasie gaan verder as dat daar 'n Regering aangestel word ná 'n algemene verkiesing. Die essensie van die demokrasie is dat die bydrae van die Opposisie ook in berekening gebring moet word. Baie Suid-Afrikaners keur dit goed dat die Regering misbruik maak van sy heersersposisie en dit wil voorkom asof hulle tevrede sal wees met 'n eenpartystaat. Die impak wat die Opposisie in die Parlement maak, is minimaal, omdat die Regering neig om geen oorweging op meriete aan Opposisiestandpunte te skenk nie. Objektiewe motiverings van standpunte loop hulself te pletter teen 'n muur van onverdraagsaamheid aan Regeringskant.

### KANALE

**Die kanale waarlangs die PFP die algemene publiek kan bereik, word al hoe meer beperk. Die PFP het 'n rol te speel in die stryd teen die beperkinge wat op fundamentele vryhede van die demokrasie geplaas word. Die pers word aan bande gelê deur 'n labirint van wetlike maatreëls waardeur beweeg moet word om blootstelling aan vervolging te voorkom. Verdere beperkinge word deur die Polisiewysigingswetsontwerp in die vooruitsig gestel.**

### VRYHEID

Die vryheid van individue en organisasies word beperk. Dit bring toenemende buitelandse druk mee. Die Regering wend hom tot laertrek om buite- en binnelandse aanvalle af te weer. In die proses word die vryheid van die individu eerder ingekort as uitgebrei. Die PFP is verplig om teen hierdie verwikkeling te stry uit liefde vir Suid-Afrika en sy mense.

### NUWE GRONDWET

Die implementering van die nuwe Grondwet sal die Opposisie nog verder van die toneel laat verdwyn. Die staatspresident sal verkies word deur 50 verteenwoordigers van die regerende wit party en 38 bruin en Indiër verteenwoordigers. Die nuwe volksraad sal bestaan uit 165 verkose en 20 benoemde lede. Dit sal die enigste wetgewende liggaam wees en daarom behoort daar glad nie benoemde lede te wees nie. Van die benoemde lede word 12 op 'n pro rata-basis volgens die finale stand van die partye op provinsiale vlak aangestel. Die Opposisie mag moontlik twee van die twaalf lede lewer. Die ander agt lede word deur die staatspresident aangewys. Die heersende party word gevolglik met nog agttien lede versterk. In die kabinetskomitee, bestaande uit die staatspresident as voorsitter, sewe blanke, vier bruin en drie Indiër lede, word die Opposisie heeltemal uitgesluit. **Die legitimiteit van die Grondwet sal afhang van almal se deelname. Dit sal ook die taak van die PFP wees om toenemende konflik in Suid-Afrika te laat afneem.**

ANTON KRUGER

# SP: POSITIEWE BESLUITE

'n LUIMIGE, ontspanne trant het die afgelope Studenteparlementsvergadering gekenmerk. Kwinkslae en tussenwerpsels wat by vorige sittings taamlik skaars was, het kort-kort 'n skaterlag veroorsaak.

Die mosies wat ter tafel gelê is, was ook van meer praktiese aard en het die studente direk geraak. Die negatiewe aspekte van die in- en uittekenstelsel is deur die Parlement verwerp. Die instansie wat jurisdiksie het oor hierdie reëls is versoek om 'n meer aanvaarbare stelsel uit te werk. Die algemene gevoel onder die parlementslede was dat daar wel 'n vorm van kontrole moet bestaan; die afskaffing van so 'n stelsel, as sodanig, sou nie die gewenste resultate lewer nie. 'n Kommissie is vervolgens aangestel om namens die Studenteparlement die saak te ondersoek.

### MOSIES

'n Meerderheid van die parlementslede was ook te vinde vir 'n voorstel dat geen toetse binne 'n week na die vakansie geskryf word nie. Dieselfde reël moet ook toegepas word vir die inhandiging van werkstukke.

Na 'n lang bespreking oor die presiese inhoud van die mosie, het die vergadering met 'n meerderheid van stemme aanvaar dat die SR gelukgewens word met hul besluit om die moontlikheid van 'n nuwe studente-organisasie te ondersoek. Die SR is egter versoek om al die riglyne te skrap en dit oor te laat aan die kommissie wat ondersoek instel.

Die reël wat eerstejaardames verbied om polities georiënteerde byeenkomste gedurende weeksaande by te woon, behoort, volgens die besluit van die Parlement, in heroorweging geneem te word.

HAUM
Die student se boekwinkel
Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600
TEL. 4440 2906
Posbus 343

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

PIZZALAND
Beste Pizzas
Beste Diens



en by Voortrekkerweg 143, Parow
sal studente 'n 10% afslag
ontvang as hul 'n
studentekaart toon.
OOP 7 DAE PER WEEK
VANAF 9 VM TOT MIDDERNAG
Tel. 92-8318

**Die Matie**
VRYDAG, 25 MEI 1979

# Mosie SR se plig

DIT wil voorkom asof die Afrikaner-student sku vir enige verandering of vernuwing is. Wie sou ooit kon sê dat dieselfde studente-unie wat skaars 'n maand gelede heftig teen heraffiliasie by die ASB gestem het, nou 'n petisie teen die bemoedigende mosie van die SR oor 'oop' koshuise op die kampus rondstuur met die bedoeling om een en almal te oortuig dat ons nie verandering kan voorstaan nie. Die twee beginsels staan tog lynreg teenoor mekaar.

Die SR het hulself in 'n mate die gramskap van die owerheid en breë publiek op die hals gehaal. Dit het hulle egter baie goed vooraf geweet. Hul plig as touleier was vir hulle 'n prioriteit en hulle het die moed van hul oortuiging gehad om ten spyte van kritiek hul sê te sê.

Die kreatiewe leiding wat die SR hier op 'n uiters positiewe manier gedemonstreer het, verdien baie meer steun van beide die studente en die algemene publiek. Ongunstige reaksie by die publiek is grootliks te wyte aan onkunde oor die rol van die SR op die kampus, asook negatiewe publisiteit. Die reaksie van die owerheid was te verwagte. Hoewel dit die indruk kan skep dat die mosie dan net 'n onnodige lawaai of stofopskoppery was, is dit die SR se plig om die gesindheid van baie Maties aan die publiek en owerheid te wys.

Die touleier verwag nie dat alles wat hy doen onmiddellik resultate sal bring nie, maar weet dat as hulle dit met oortuiging doen, hulle een of ander tyd tot die agterosse sal deurdring.

Enige iemand wat nog dink dat die SR hier besig is met irrelevante uitsprake wat ver te gevorderd vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap is, vergis hom.

Baie geluk aan die Studenteraad. *Die Matie* steun hom ten volle. Dit is immers die goeie reg van denkende jongmense om hul idees aan die owerheid vir kennisname voor te lê.

Diegene wat 'n eerlike poging om in die behoeftes van anderskleurige studente te voorsien, as 'n uitdagende dreigement wil beskou, verstaan nie die mosie nie. Die mosie pleit om 'n ondersoek en is geen dreigement nie.

Ons twyfel ook of daar by die beswaarmakers werklik 'n strewe en innerlike behoefte bestaan om beter verhoudings tussen die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika te bewerkstellig.

# Intervarsity krap

DIE Intervarsity teen die Ikeys is besig om te verflou. Daar is heelwat klein dingetjies wat krap.

Die Intervarsity is besig om sy "studentekarakter" te verloor. Die dag behoort aan die studente – en nie aan die sportadministrasie, donateurs of die "veldbeamptes" in blou uniforms nie.

Ons hooffotograaf is Saterdag van die rugbyveld "afgehelp". Die polisie sê hulle doen net hul plig in opdrag van die sportorganiseerders.

Vir ons is dit 'n skending van ons regte deur ons eie mense!

## REDAKSIE 1979

HOOFREDAKTEUR: LOUIS HEYNEMAN, Redaksiekantoor: Langenhoven-sentrum 436 en 438. (Tel. 5979) Christellahof 16, Victoriastraat. Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel. 3702).
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Concord 24 (Tel. 2045).
ADVERTENSIE-BESTUURDER: IAN THERON, Silvertrees. (Tel. 2122).
AKTUELE REDAKTEUR: JOHN VAN BREDA, Louwstraat 3. (Tel. 3578).
NUUSREDAKTEUR: JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2137).
INTERUNIVERSITÊREREDAKTEUR: MAARTEN MITTNER, Eendrag. (2136).
SPORTREDAKTEUR: KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek. (Tel. 3633).
SOSIALEREDAKTEUR: DEON VAN NIEKERK, Son Vida 205.
KUNSREDAKTEUR: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14.
TAALREDAKTEUR: ANDRIES CALITZ, Die Laan 18.
HOOFFOTOGRAAF: MARIUS GREEFF, Van Riebeeckstraat 40. (Tel. 4349).
SUB-REDAKTEUR, NUUS: COENRAAD PIETERSE, Eendrag.
SUB-REDAKTEURS, SPORT: ARI OBERHOLZER, Majuba; LE ROI STEENKAMP, Dagbreek.
SUB-REDAKTEUR, KUNS: RACHELLE GREEFF.
NUUSVERSLAGGEWERS: Francois van der Merwe, Ilse de Villiers, Anton Kruger, Pieter van Niekerk, Pieter D. van Niekerk, Bennie Zietsman, Agnes Hages, Frikkie de Jager, P.J.G. Loubser.
INTERUNIVERSITERE VERSLAGGEWERS: Johan Swarts, Anton Bruwer, Koos Sieberhagen, A.D. van Niekerk, Mariëtta Kruger.
SPORTVERSLAGGEWERS: Kobus Basson, J.W. Loubser, J.P. Marais, Anne-Lise Lamont, Nico Roux, C. Eloff, N. Vlok, M. Fourie, A.W.J. van Rensburg.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: Mariette Streicher, Elbert Uys, Launa Marais, Im Naudé, Deon Roussouw, Michèle Alexander.
KUNSVERSLAGGEWERS: Maria Rautenbach, Morlette Lindsay, Japie Pienaar, Linda Jacobs, Willem Möller, Irna van Zyl.
FOTOGRAWE: Martin Joubert, Wessie van der Westhuizen, Johan Mey.
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Týler, Koos van der Riet.
VERSPREIDERS: Nico Steyn, C.L. van Schalkwyk, Sarel du Plessis.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie. (Tel. 6523).

# uit die studenteraad

JOHN VAN BREDA BERIG:

DIE Studenteraad het op sy vergadering van 16 Mei 'n mosie eenparig aangeneem waarin hulle die universiteitsowerheid versoek om alle beperkinge, veral dié ten opsigte van losies en danspartye, op die bruin en swart studente in heroorweging te neem.

Die SR het in beginsel aangeneem dat die owerheid versoek sal word om internasionale status aan twee koshuise toe te staan.

### INSKAKEL

Die voorsteller, mnr. Nic Koornhof, het in sy motivering gesê dat dit die plig van die SR is om die lewensomstandighede van die bruin en swart studente so gerieflik as moontlik te maak. Dit sou niks minder as billik wees om hulle by die totale universiteitslewe te laat inskakel nie, sodat hulle as volwaardige Maties beskou kan word.

Mnr. Frans Roelofse, as sekondant, het in 'n sterk pleidooi gesê dat dit reeds noodsaaklik is om met die oog op die toekoms die strukture van die universiteit te verander. Daarom keur die SR nou die oopstel van koshuise in beginsel goed.

Die Voorsitter, mnr. Jan de Wet, het na die vergadering in 'n persverklaring kommentaar gelewer: "Nou, na agttien maande, is die SR daarvan oortuig dat daar sekere beperkende maatreëls bestaan wat hierdie studente van sekere aspekte van die studentelewe uitsluit en die spontane, natuurlike en goeie onderlinge verhoudinge belemmer."

Mnr. Roelofse het voorts 'n mosie van dank teenoor die Regering vir sy aanvaarding van die voorstelle van Wiehann- en Riekert-kommissies ingedien. Hiermee toon die Regering onteenseglik sy bereidwilligheid om arbeidsverhoudinge te normaliseer deur weg te beweeg van diskriminasie op grond van velkleur. Dié mosie is eenparig aanvaar.

### GELUKWENSING

Dir SR het laastens die aangewese rektor, prof. Mike de Vries, gelukgewens met sy nuwe aanstelling en hom voorspoed toegewens met die groot taak wat op hom wag.

# Nuwe Rektor wil samewerking en kontak behou

PROF. M.J. de Vries is weens sy vermoë om met die studente kontak te maak, 'n gewilde keuse vir die rektorskap. In sy gesprek met *Die Matie* het prof. De Vries dit beklemtoon dat hy uit sy pad sal gaan om in sy nuwe pos die goeie samewerking tussen hom en die studente te behou.

KOBUS PIENAAR GESELS MET

## MATIE — GESPREK



PROF. M.J. DE VRIES

*Ter wille van die persoonlike agtergrond: Kan u ons meer vertel omtrent u studiejare op Stellenbosch?*

Ek sien my as 'n produk van die platteland. My eerste kennismaking met die alfabet was in 'n plaasskooltjie naby Barrydale. Ek was 'n inwoner van Dagbreek en het ook van tyd tot tyd (in daardie jare het die koshuisrugbykompetisie nog nie bestaan nie) vir my huis rugby gespeel. Ek het onder andere ook vir die Maties se O/19-span uitgedraf. Verdere sportbelangstellings het om krieket gedraai; vandag is ek 'n kranige gholfspeler. Ek was ook aktief betrokke by die BTK waar ek my vrou ontmoet het.

Na my studiejare op Stellenbosch was ek op Elsenburg werksaam, vanwaar ek later na Duitsland gegaan het om my doktorsgraad te verwerf. Ek was op Elsenburg steeds intensief betrokke by rugby en krieket.

In 1961 het ek 'n lektorspos aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar.

*Om as rektor van die Universiteit van Stellenbosch aangestel te word, is 'n besondere prestasie. Om boonop op 46-jarige ouderdom dié pos te beklee is nog merkwaardiger. Het u baie ondervinding vir die rektorspos nodig?*

Ek meen dat ek deur die jare as vise-rektor heelwat ondervinding in dié verband opgedoen het. Die huidige rektor, prof. De Villiers, en ek het mekaar dikwels oor en weer ingelig omtrent sake wat die Universiteit raak. Die feit dat ek so goed saamgewerk het met die uittredende rektor het aan my 'n uitstekende geleentheid gebied om die nodige ondervinding rondom die verantwoordelikhede van rektorskap op te doen.

*Wat doen die rektor?*

Die rektor vervul 'n ambassadeursrol. Hy is daarvoor verantwoordelik om die beeld van Stellenbosch na buite uit te dra. Hoewel besluite wat die universiteit raak deur die Raad behartig word, is dit sy plig om leiding te gee in dié verband.

*Gerugte doen die rondte dat daar moontlik twee vise-rektors aangestel gaan word in u plek. Het die werk te veel geraak vir een persoon of beteken dit dat daar minder verantwoordelikheid op die skouers van die rektor geplaas sal word?*

Voorsiening word gemaak vir 'n tweede persoon, hetsy in amp van vise-rektor of in die amp van studentedekaan. Ek het gedurende my termyn gepoog om beide poste te vul omdat dit koste sou bespaar. Die vise-rektor se verantwoordelikhede is veelsydig en hy moet dikwels aandag gee aan minder belangrike aangeleenthede, wat immers net so tydrowend soos die ander is. Dit mag in die toekoms blyk dat die werk te veeleisend raak en 'n tweede persoon sal noodgedwonge aangestel moet word. Dit is egter onseker of so 'n persoon die ampt van 'n vise-rektor sal beklee.

*U het 'n baie suksesvolle termyn as vise-rektor agter die rug. Kan u vir ons enkele hoogtepunte uitlig?*

Ek beskou die goeie kontak wat ek met die studente, veral op leiersvlak, gehad het as 'n hoogtepunt. Die maandelikse vergaderings met die SR was vir my 'n inspirasie en ek sou wou sien dat hierdie geleentheid meer dikwels, selfs elke veertien dae, geskied. Verder was dit vir my 'n plesier om op so 'n goeie voet met prof. De Villiers saam te werk.

*In hoeverre word politieke leiding van die rektor, as hoof van 'n akademiese inrigting, verwag?*

Soos ek reeds gesê het, word die beleid van die Universiteit deur die Raad bepaal, maar die rektor kan egter hier 'n leidende rol speel. Ek sou egter graag wou sien dat die Universiteit van Stellenbosch as akademiese inrigting sy bydrae lewer in verband met die voorgestelde nuwe politieke bestel vir Suid-Afrika. In dié verband dink ek aan samespanning tussen die Universiteit se leerkragte, sommige van hulle die beste in die land op hul vakgebiede. Ek sou wou sien dat 'n groepie van die akademici, in samewerking met die studente (d.m.v. die komitee van Politieke Studies, byvoorbeeld), 'n poging aanwend om namens Stellenbosch die voorgestelde konsepgrondwetplan te bestudeer en kommentaar aan die verkose komitee voor te lê. Stellenbosch sou hierdeur 'n positiewe bydrae lewer tot die oplossing van die vraagstukke rondom die Suid-Afrikaanse samelewing.

Ek voel baie sterk, *en ek stel dit sommer reguit sodat ons weet waar ons staan*, dat Stellenbosch nie sy Afrikaanse karakter moet verloor nie. Hierdie universiteit het nog altyd 'n leidende rol gespeel in die Afrikaner se ontwikkeling en ek is van mening dat dit in die toekoms so moet bly. Daar word aanhoudend pogings aangewend om die jong Afrikaner te ondermyn en af te kraak. Ek is baie bekommerd hieroor en sal sover dit moontlik is hierdie aanslag help teenstaan.

Ek is egter ingenome met die pogings wat die studenteleiers aanwend om kontak met die anderstalige en andersrassige universiteite op te bou. In die tydsgewrig waarin ons land hom op die oomblik bevind, is dit noodsaaklik om samewerking tussen die verskillende universiteite te bewerkstellig.

*In watter mate sal daar kontinuïteit bestaan ten opsigte van die toekoms? Sal u werkswyse hoegenaamd verskil van dié van prof. De Villiers?*

Daar sal nie 'n noemenswaardige verskil ontstaan wanneer ek oorneem nie. Ek is reeds lank aan die Universiteit verbonde en die manier van doen het maar min verskil van rektor tot rektor. Wanneer dit kom by die sake rakende die Universiteit, lê die beslissing ook by die Raad.

*Is daar iets waaraan daar op die stadium dringend aandag gegee moet word?*

Die grootste vraagstuk waarmee Stellenbosch te doen het, is die vergroting van sy studentegetalle. Beplanning rondom die satelliet-kampus in Durbanville het reeds ver gevorder. Die moontlikheid kan wel bestaan dat die projek tydelik stopgesit sal word weens gebrek aan fondse. Stellenbosch kan as dorp beswaarlik meer studente huisves. Dit mag dalk beteken dat daar 'n afplatting in die studentetal ontstaan. Hierdie vraagstuk verg dringende aandag.

# KOORNHOF OPTIMISTIES OOR TOEKOMS

**Saak**

"ONS kan die toekoms met geloof en vertroue ingaan. Daar is in ons geskiedenis genoeg bewyse van spontane reaksie op probleme deur wit en swart," het dr. Piet Koornhof, Minister van Samewerking en Ontwikkeling, op 'n SAAK-vergadering op Woensdag 16 Mei gesê.

Dr. Koornhof het sy onderwerp, *Die Posisie van die Swartman buite die Tuislande*, baie optimisties benader. "Dit is moontlik om ons probleme op te los met die kundigheid van mense wat toegewyd is om dit te doen," het hy gesê. "As ons gesindheid reg is, is ons probleme nie onoplosbaar nie, maar elkeen 'n groot uitdaging waarvoor ons staan."

### VERGELYKING

Die Minister het die Suid-Afrikaanse situasie vergelyk met dié in Brittanje tydens die Industriële Revolusie. "Brittanje het te midde van haglike omstandighede en chaos daarin geslaag om 'n bloedige revolusie af te weer en het met 'n 'goodwill state' na vore te kom. Suid-Afrika gaan vandag deur 'n sneller ekonomiese revolusie as Brittanje in die vorige eeu. Net soos Brittanje destyds, sal Suid-Afrika nou die situasie suksesvol hanteer. Suid-Afrika sal die sieraad van Afrika word. Die wêreld sal nog baie by ons te leer hê t.o.v. ons konstitusionele bestel en baie ander ontwikkelings."

### OPTIMISTIES

Dr. Koornhof het gesê dat sy mening realisties is en gebaseer op jare lange ondervinding en werk met die feite van die saak. "Wat die situasie in Suid-Afrika soveel interessanter en opwindender maak, is die feit dat ons land 'n mikrokosmos is van alle nywerheidsgroei oor die hele wêreld. Eeue van sosio-ekonomiese probleme het kenners van ons gemaak. Afrika sal Suid-Afrika nog broodnodig hê." Dr. Koornhof het voorspel dat hy nog sal leef om die terugkeer van Suid-Afrika na Afrika te sien.

### KONSOLIDASIE

"Die regering is besig met 'n grootskaalse plan vir ruimtelike ordening en konsolidasie. So sal daar bv. binnekort oor ruimtelike ordening belangrike aanhandigings kom, en met konsolidasie word ewe so goed gevorder."

"Vandag is daar meer as 'n miljoen pendelarbeiders in Suid-Afrika. Hulle het verlede jaar 'n rekord-inkomste van meer as R1 000 miljoen aan die swart state van Suid-Afrika besorg."

### TUISLANDE

Dr. Koornhof het daarop gewys dat die tuislandbeleid werk, o.a. omdat die swaartepunt van swartes steeds na swart state skuif. Hy moes in Maart vanjaar R37 miljoen ekstra vra op die addisionele begroting (iets wat slegs in uiterste gevalle gedoen word) aangesien daar nie genoeg voorsiening gemaak is vir die groot terugvloei van swartes na die tuislande nie. Die gevolge was byvoorbeeld tekorte aan onderwys in Lebowa en huisvesting aan die Ciskei.

"Ek glo dat gesonde regering in 'n plurale opset gegrondslag is op gesonde plaaslike bestuur", het dr. Koornhof gesê, en gewys op die sleutelrol wat gemeenskapsrade in ons huidige bestel speel. "In so 'n stelsel word plaaslike of emosionele probleme op plaaslike vlak opgelos, voordat hulle te ver ontwikkel. Daarom is plaaslike bestuur dikwels moeiliker as hoër bestuur of regering".

Dr. Koornhof het die aandag daarop gevestig dat daar in 1952 slegs een sentrale parlement in Suid-Afrika was. Daardie parlement het voortdurend van mag afstand gedoen sodat daar vandag al volkome gelykheid tussen die parlement van Transkei, Bophuthatswana en Suid-Afrika bestaan." Hulle is gelyke vennote in die plurale opset in Suid-Afrika. Wanneer die proses van magsdeling eendag voltooi is, sal daar volkome gelykheid tussen al elf beoogde parlemente in Suid-Afrika wees."

"Eers dan sal ons praat oor 'n federale of konfederale stelsel", het dr. Koornhof gesê, "anders span ons, soos die Opposisie, die kar voor die perde".

Dr. Koornhof het gesê dit is vir hom 'n voorreg en 'n plesier om te werk aan die probleem van die stedelike swartman. "Dit is die moeite werd om jou hele lewe aan die verhoudingsaak in Suid-Afrika te wy".

PIETER D. VAN NIEKERK



DR. P.G.J. KOORNHOF

# "OOP" KOSHUISE LEI TOT BASTERVOLK?

**D.J. BRAND, PAUL KRUGERSTRAAT 3, skryf:**

DIE Studenteraad het onlangs 'n besluit geneem om die universiteitsowerhede te versoek om twee koshuise as "oop" of "internasionaal" te verklaar en ook toe te laat dat anderskleuriges geslote danspartye van die universiteit kan bywoon. So 'n stap, indien ooit toegelaat word, kan verreikende implikasies hê.

As anderskleuriges in Blanke koshuise in 'n Blanke woonbuurt toegelaat word, beteken dit eerstens die verwerping van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en tweedens die beginpunt van die ontstaan van 'n gemengde gemeenskap (d.m.v. gedwonge integrasie) waar gemengde huwelike sal voorkom. Sulke stappe is geheel en al in stryd met die Regeringsbeleid. So 'n gedwonge integrasie kan net meer wrywing tussen bevolkingsgroepe veroorsaak as wat daar is met afsonderlike ontwikkeling.

Die Regering se beleid dat gelyke regte aan alle bevolkingsgroepe gegee word, moet toegepas word op alle terreine van die samelewing, maar met dié belangrike voorbehoud in gedagte, nl. dat gelyke regte nie vermenging van bevolkingsgroepe beteken nie, maar dat aan elke bevolkingsgroep d.m.v. afsonderlike ontwikkeling dieselfde regte en voorregte gegee word. Niemand wil tog oor 'n paar dekades met nog 'n bastervolk in ons mooi land sit nie. As ons nie nou wal gooi nie, is dit waar ons ons gaan bevind voor ons ons oë uitvee.

Ek wil graag vir prof. De Vries, ons aangewese rektor, heelhartig steun in sy antwoord op die SR-besluit. Dit is nodig dat ons verantwoordelik moet optree in aangeleenthede rakende die verhoudings tussen die mense van dié land om groter probleme in die toekoms te vermy. Dis dan wanneer ons iemand soos prof. De Vries aan die roer van sake op die kampus moet hê.

# Beskaafde serenades té rof vir kampusbeheer

**CHRISTELLE SIPPEL, ERICA, skryf:**

NOUDAT partytjies in die kamers na 11.00 nm vir damestudente verbied is, mag daar blykbaar ook nie meer na hierdie middernagtelike uur beskaafde "serenades" by dameskoshuise gehou word nie. Dit is al afleiding wat ek kan maak ná die behandeling wat so 'n nagsanger tydens 'n besoek hier gekry het.

Skaars het meneer die eerste klokhelder note op sy kitaar in ons vierkant laat weerklink, of kampusbeheer loer om die hoek. In geen onsekere terme nie word die sanger meegedeel dat hy óf moet padgee óf baie gou met sy storie moet klaar kry. Dit is al laat (dit was om en by 11.30 nm) en die matrone (wie of wat dit ookal mag wees) sou dan gekla het dat die dames wat al slaap, wakker gemaak word.

Van die dames wat geluister het (en wat blykbaar nie omgegee het om wakker gemaak te word nie) het vernietprobeer protes aanteken teen hierdie onnodige handeling: Kampusbeheer doen net hul werk, is die meisies meegedeel.

Hoofstuk 2 speel af die Dinsdagnag voor Intervarsity in die omgewing van Erica, Nemesia en Serruria. Terwyl Kampusbeheer geskitter het in hul afwesigheid, is die inwoners van die drie koshuise tussen 11.30 en 12.30 nm en 1.00 en 1.15 vm op 'n barbaarse gegil en gejou, gejuig, klokgeskal en gefluit getrakteer. Daar was selfs 'n poging tot sang wat gewissel het van 'n baie onnootvaste "My naam is Liewe Heksie" tot by "Vanaand gaan die volkies koring sny" tot by 'n hartroerende weergawe van "O, Boereplaas".

Ek wil nie beweer ek is deur hierdie sangfees wakker gemaak nie; dit het net 'n bietjie moeilik gegaan om toe aan die slaap te raak.

Is Kampusbeheer ook nie deur hierdie "serenade" wakker gemaak nie? Of is Kampusbeheer net aan diens as daar 'n beskaafde "serenade" gelewer word?


DEVON VALLEY HOTEL ★ ★ TYYY

Wine, women and song

Bring your partner to

WINE DINE & DANCE

in a convivial atmosphere


# 4000 Studente byeen vir varia-uitsending

## MATIES MAAK GESKIEDENIS

OP Maandag 14 Mei het die Maties weer eens geskiedenis gemaak. Ongeveer 4 000 studente was saamgedruk in "Neelsie se Gat" waarvandaan 'n regstreekse uitsending van studentevaria gehou is.

Die programleier was Tinus de Villiers. Die program is egter gekniehalter deur 'n "kinkel innie kabel en 'n Ikey op die draad". As gevolg van tegniese probleme het ongeveer vyf minute verlore gegaan, maar dit kon geen afbreuk doen aan die Maties se gees nie!

### ONDERHOUDE

Onderhoude is met die volgende persone gevoer: Piet Delport, die voorsitter van die intervarsity komitee; Van Rooyen Terblanche; Tina Louw, mej. Matieland; Coenraad Pieterse, die redakteur van *Die Besem;* Adri Troskie, mej. Besem; Pierre Goosen, kaptein van die eerste span; Swys Joubert en Rassie Erasmus. Tussen die verskillende onderhoude het die studente die geleentheid gekry om hul stemme te laat hoor.

### DIENS

Studentevaria het amptelik begin in 1974. Die eerste regstreekse uitsending is op 23 Mei 1977 o.l.v. Christo van Rooyen gehou. Sedert April 1975 het studentevariakomiteelede begin om onderhoude te voer.

Studentevaria is tans o.l.v. Chris Jooste. Studente word versoek om met lede van dié komitee te skakel indien daar studente-aktiwiteite opduik.


117 Main Rd., Green Point Ph. 449767

1st Floor, Trust Bank Centre, Stellenbosch Ph. 70641

ZORBA STEAK HOUSE

★ GREEK ATMOSPHERE

★ GREEK STEAK

★ GREEK SERVICE

FULL CATASTROPHE!

# perspektiewe en dinge

DIE redaksionele termyn van *Die Matie* nader nou vinnig sy einde. Bes moontlik is dit die laaste *Perspektiewe* wat ek ooit sal skryf. Hier in die laataand van ons nege maandlange geselsie, wil ek 'n regstelling maak. Toe ek in September verlede jaar my debuut op hierdie bladsy gemaak het, het ek uit pure onervarendheid, in die eerste persoon geskryf. Die gesoutenes in die joernalistiek het my aangeraai om dit nie te doen nie en die gevolg was die drognaam "rubriekskrywer". Na 'n termyn van ervaring en noue skakeling met die Publikasiekomitee, beskou ek dit bog – so 'n rubriek is tog iets persoonliks; my naam staan immers lewensgroot daarby. Dus is ons terug by die "ek".

Ek wil vandag gesels oor berge wat dikwels nie eers vir molshope aangesien word nie.

Miskien stel ek dit te kras. Kom ons praat bietjie oor die klein dingetjies wat daagliks om ons plaasvind. Meeste van ons gaan mos toe-oë deur die lewe.

### KATASTROFIESE SKOENE

Twee Sondae gelede het ek met 'n onpaar skoene kerk toe gegaan. Ek moet darem toegee dat ek self so ietwat onverskilliglik onoplettend was. Niemand het dit ooit opgemerk nie. Later het dit tot my deurgedring dat ons dikwels so selfgesentreerd is dat ons nie eers ons buurman in die samelewing raaksien nie. **Die gevolg hiervan was dat ek meer aandag aan die kleiner dingetjies begin bestee het.**

Ek het byvoorbeeld agtergekom dat jy twee hande nodig het vir 'n pakkie aartappelskyfies. Indien mens net een vry hand het (die ander een kan byvoorbeeld . . . 'n boeksak dra), behoort mens òf nie te eet nie, òf liewer iets suigerigs te koop.

Ek wonder hoeveel mense op hul eie taalgebruik let. Nou die dag moes ek my stem op band laat opneem en of dit nou mikrofoonskuheid of bloot slegtigheid was, weet ek nie, maar my onvermoë om myself in woorde uit te druk het my geskok.

**kobus pienaar**

Gedurende my eerste jaar op Stellenbosch het dit vir die eerste keer tot my deurgedring dat ons almal besig is om oud te word. Elke jaar is daar 'n krakie of twee by. Mens begin later luister na die gesprekke van ouer mense, en dit is heeltemal in 'n ander trant. **As 'n mens eers met smaak begin uitwei oor die laaste operasie (so al asof jy jou gespreksgenote wil oortref) moet jy weet dat daar fout is.**

Wie van ons merk werklik op of 'n ander persoon brildra, snorkweek of pangroei? Na die tyd, as jy die persoon in herinnering probeer roep, moet jy tot jou verbasing agterkom dat hierdie detail heeltemal ongesiens verbygegaan het.

### KENNISGEWINGS

Hoeveel van ons kyk werklik na die kennisgewingborde? Het u al sulke geel plakkate opgemerk? SAAK-vergaderings word daarop geadverteer.

So is daar honderde voorbeelde. Ek was nie eers oorspronklik genoeg om die bestes op te noem nie. Haal daardie oogklappe af, my liewe lesers, anders val u dalk in die molsgat.

### KOPKRÂPSITUASIES

Die afgelope paar jaar het 'n interessante tendens te voorskyn gebring. Dit veroorsaak dikwels sulke kopkrapsituasies dat jy dit amper 'n dilemma kan noem. 'n Mens wonder maar net wat die werklike rede is vir die neiging onder studente om koshuise te verlaat en êrens (dikwels maak dit nie soseer saak waar nie) 'n privaathokkie te kry waar hulle hulself kan toekluister. Die universiteitsowerhede het deesdae probleme om koshuise vol te kry, terwyl die studente aan die ander kant na elke moontlike grashalmpie gryp in die toutrekkery om 'n private blyplek te kry.

Hulle wil eenvoudig wegkom van die reëls en regulasies wat hul bewegingsvryheid so wreed inperk. As hulle dan eindelik die vryheid van privaatbly smaak, vang die net van verantwoordelikhede (kosmaak, huis aan die kant maak en wasgoedwas) hulle weer so vas dat dit vir my maar bra onsinnig lyk. Die mens is snaaks, hy sal nooit sy fout erken nie.

### AGTERPLAASKAMERS

Sommige wil weer swot en word kwansuis te veel gepla met onbenulligheidjies wat deel is van die koshuislewe. In die eensaamheid van hul agterplaaskamers verlang hul weer innig na die gesellige geselsies rondom die koffiekan.

Die koshuis kla kort-kort. Hulle verloor baie van hul seniors van formaat. Die leidende rol wat koshuise in die verlede gespeel het, kan beswaarlik volgehou word.

**Manne wat dalk iets vir hulle samelewing kon beteken, word in die koshuis gevorm. Bystand, moed-inpraat, koshuistrots en so 'n bietjie boetiebaantjies help 'n geïnspireerde junior om belang te stel in kampusaktiwiteite. Na 'n jaar of wat hunker hierdie begeesterdes na meer privaatheid.**

Vra u of ek daarvan hou om privaat te bly? Ek geniet elke oomblik.

### SKUIMENDE FONTEIN

In 'n poging om meer oplettend te wees, sien ek toe uit die hoek van my oog 'n skuimende fontein voor die Konserwatorium. 'n Dag of wat later merk ek toe uit die ander hoek van dieselfde oog (ek het in die teenoorgestelde rigting gestap) dat die water weer eens borrel en bruis soos wat dit hoort – skuimloos"(soos die perfekte samelewing).

**Sal iemand my tog inlig as daar weer 'n pak Superwit-ekstra-skoon poeier in die water geval het? In dié tye van ekonomiese probleme en energiebesparingsmaatreëls moet ek definitief die geleentheid gebruik om my weeklikse skottelgoed daar te gaan was. Van my kastrolle (ek maak net een maal kos, dan eet ek vir die res van die week daarvan) is hoeka te groot vir my wasbak.**

# Muggies in die Neus

RICHELIEU Craven roer onrustig. Die danspartye het al begin. 'n Mens sien hom moeilik tussen die pawiljoenrye. Die maan lig oor Simonsberg en laat sy gesig bleker lyk. Die windjie stoot 'n gefrommelde program tot teen sy kop. Met dié hoedjie lyk hy byna vrolik. Sy wynsak met die blou made-in-Spain het leeg gedrup. Maties wen, Maties wen Intervarsity!

Hy sou graag teen Tollies se toonbank wou druk en dalk ongesiens in die hoek haar dronk lyf se knopies wou losmaak. As sy haar wyn op die dennehout mors, sal hulle daaroor lag en teen mekaar gesteun by die deur uitsukkel. Op met die straat na waar hy bly en die maan tot op sy bed skyn. Rom, rom, rom! Stellenbosch kom!

Toe die son in sy oë skyn, rol hy op sy rug en kyk na die pawiljoendak se ewewydige strepe. En hy begin onthou. Hy sukkel met sy groot kop orent tot in 'n sitplek. Hy trek sy tong van sy verhemelte los en suig aan die sak. Net 'n druppel sou hom red. Hy grinnik toe hy die telling die eerste keer sien. Tussen die papiere en blikke deur klim hy af tot op die veld tot by die noodhulpmanne se vergete waterbottel. Daarna hardloop hy oor die veld en gaan lê onder die pale sodat sy kop teen die klam gras klop. Hy raak lighoofdig, klim oor die hek en tel sy voete onnodig hoog op tot in sy kamer. Stellenbosch!

Die skulderagtige Stellenbosse vallei dien as agtergrond vir 'n nuwe Afrikaanse rolprent. Die tema is soos alle ander s'n heeltemal nuut: 'n liefdesdriehoek ingekleur met diamantsmokkelary en studente.

By die Sentrum is daar op elke skinkbord kennisgewings geplak. Dis die een kans in 'n leeftyd! Hennie Thom skryf vyf draaiboeke in 'n kraampie in die loopgang. Die primarius van sy privaatwyk kry dit reg om die koerant te haal met 'n foto van Hennie Thom verdwerg agter plakkate en sy primarius. Dis tyd vir die benoeming van ere-kleure-kandidate en almal lees koerant. Na nege dae en nege nagte word Hennie naar en in die hospitaal opgeneem. Sy draaiboeke waai in die wind en word die volgende oggend deur gekleurde arbeid weggevee.

Kameras op ge-oliede wiele kan onverwags om 'n draai kom en dan moet mens reg wees. Almal is voorbereid. Dieselfde SR wat 'n maand gelede gekoggel is, speel saam. Toesprake word gemaak en mosies word aanvaar. Dit gaan oor verkrampte optrede in die verlede en oop koshuise. Netelige kwessies haal die Sondagkoerant en daar word verwys na bruingevoel. Die Afrikaner-saak ly skade en bruines word bespreek soos items op die nuwe begroting. Die film draai en dié wat nie goed genoeg speel nie, kry so waar as wragtag nie weer 'n rol nie. In Augustus begin die nuwe fliek.

Op aandrang van Skoon Huid se koshuismoeder bied hulle 'n party aan ter ere van die regisseur. Dié ongewone stap het daartoe gelei dat ACS Veldman die koshuismoeder ontmasker het as 'n spioen van dr. Van Halthen, die universiteitsdokter. Skoon Huid het die oggend ná die party 'n rol gekry.

Die sonwyser op die plein was die volgende oggend gebuig, maar niemand het tyd gehad om dit op te merk nie.

PIETER MARAIS

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



*DIE DIEPSTE VREES*

DIE diepste vrees wat die mens kan koester is dat hy aan die einde van sy dae tot die besef sal kom dat sy lewe vrugteloos en sy doelwitte waardeloos was.

Die Prediker sê: "Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word, en kyk, dit was alles tevergeefs; 'n gejaag na wind." Hieronder resorteer bykans alles wat vandag as sukses gereken word. Om professioneel 'suksesvol' te wees — ingenieur, dokter, of regter — hou nie die sleutel tot ware lewensukses nie; dit lê veel dieper.

In dit wat die studentegemeenskap voorhou as doelwit, word sukses verwar met geluk. Sukses in die lewe word nie bepaal deur aansien of inkomste nie; wel deur geestelike waarde en fermheid van karakter. Hierin staan die waterdraer saam met die suksesfiguur van die professie. Daarom verander die norme van ware sukses nie met tyd nie; daar bestaan vandag presies dieselfde geleenthede om lewensuksesvol te wees as millenia gelede.

Laat ons dan in hierdie kortstondige dae van jonkwees die lewe aangryp en die weg na saligheid soek, sonder om "aan hierdie wêreld gelykvormig te word" in sy sukseswaardes.

ANDRIES CALITZ

# The other side of the mountain (18)

*". . . criticism of religion is the premise of all criticism." — Marx.*

SISYPHUS bites his pen and frowns. He has just finished writing a thesis entitled *A critique of criticism* but he hasn't quite decided to which department he should submit it. There are too many topical references in it to satisfy the English Department whose concern is only for *universal values* (whatever that might mean). On the other hand, Sisyphus's much-cultivated wit might be a little too much for the German Department, although they would probably appreciate his references to *Marxist theory* (whatever that might be). How about the Afrikaans-Nederlands Department? Good grief, no! They'll pick up all his punctuation errors. And his pride wouldn't allow him to give it to the *Kweekskool* because they once refused to allow him to give a critical analysis of the Bible according to its literary merits. But surely the obvious channels to work through are those which specialize in methodology, for instance, the Philosophy and Politieal Philosophy Departments? What's wrong, Sisyphus? Why are you blushing? Don't tell me you've offended them with one of your infuriating little comments? Oh, I understand, you're afraid they might put together a band of *brutal facts* to destroy your *beautiful theory*. Well one can't help but sympathise with you there.

Sisyphus's thoughts seem ages away. Finally he speaks:

"It's difficult to admit failure, but I have failed. And not simply with this silly little theory. Much more importantly, the criticism that I have levelled at the Establishment these past two years, has come to nothing. I have aimed at striking at the heart of what I have regarded as shortcomings in the set-up here; but because many of the beliefs I hold are alien and sometimes even distasteful to the majority of students, I have clothed by profanity in pretty language. But my failure is not merely a *leftist* defeat. Even for a *right-winger*, powerful political rhetoric is inacceptable to the Stellenbosch student who, because he basically believes the world is *bakgat*, is very slow to involve and commit himself in the heated debates of the day. Now I am not going to accuse this amiable student of a *vertrouensbreuk*, nor am I going to label him with the old cliché *apaties*. Instead I want to take a quick look at an alternative form of criticism that will be acceptable to his delicate ears.

"The column 'Fontein van Sêmaarso' has probably come closest to capturing the interest of the students who read editorials, but with all due respect to the writer, it was not so much a satire as simply playing with words. It is all very well to make fun of the SR but it is not particularly daring to satirise a body which most students in any case have little respect for. What I would like to see is a situation where students look critically at their mentors; the lecturers and the administrative personnel.

"Besides Marlene van Niekerk's naughty little glance at the *opvoedkunde* faculty a few years back, we have seen precious little of this. This does not mean that there is nothing to criticise. For instance there was a dispute last year concerning a *crit* from an art exhibition. The problem was one which dealt with the criteria to be used when dealing with a *work of art*, a very real problem. A lecturer writes to the *Matie*, hammering the notion that a *work of art* should be able to *stand the test of time*, as a baroque notion. Yet even though there is no discussion of what criteria are involved, this letter is taken to be the last word on the subject. Another example: the English and German Departments have been involved for some time in a fierce debate over the *need for relevance* in a literature course, but to judge by the students attending the regular symposiums, their only delight is to watch their *profs* having a go at one another. Yet what is being discussed is not merely of academic significance but involves the very *value* of the courses we are studying. Some time ago the *Matie* refused to publish a criticism of the Journalism Department which mentioned the semantic difficulty of calling a course a major part of which involves mastering shorthand, typing and translation an honours course. This criticism did not deny the excellence of the department; it merely found the *honours* title misleading. A final challenge: we now have a new rector whose policies (especially those in connection with the Coloured students on campus) are coming into the limelight. I dare someone to make a careful analysis of Professor de Villiers's and Professor de Vries's statements (concentrating on how they view the relation between state and university) and to show the differences between and implications of their standpoints."

The eternal optimist! Next you'll have Sisyphus hoping that the Stellenbosch student will begin to criticise the abusage of capital letters.

JOHN McCALLUM

# AFRIKANERSKAP MOET STEEDS ROL SPEEL

PIETIE VAN ZYL EN REENEN BARRY

DAAR loop daagliks ongeveer negeduisend studente op Stellenbosch se kampus rond – en almal van hulle is Maties, want elkeen kan sy registrasiekaart toon dat hy of sy 'n ingeskrewe student aan die Universiteit is. En tog is hulle verskillend, nie net as individue nie, maar ook as identifiseerbare groepe binne die studentesamelewing. So kan die inwoners van enige koshuis uitgeken word, soms selfs aan hul koshuisdrag.

Net so is die groep Afrikaners 'n herkenbare groep in Suid-Afrika en kan die rol en betekenis van die Afrikaner in ons plurale samelewing beter verstaan word as 'n mens na die kleiner opset van 'n studentegemeenskap kyk. Hier word die Afrikaanssprekende vergelyk met die inwoners van koshuis X en die burgers van die Republiek is vergelykbaar met ingeskrewe studente aan die Universiteit.

### EENHEID MAATSTAF VAN SUKSES

Die studente in koshuise vorm 'n eenheid wat baie dinge saam doen; trouens die hegtheid van die eenheid en kwaliteit van die samewerking is 'n maatstaf van die sukses van die koshuis. Of dit nou sport is, sangfees, bloedskenk, of watter mal aktiwiteit ook al, elke X-er bring sy kant waar moontlik.

Nou kan daar 'n student in X wees wat reken dat 'n koshuis 'n blote losiesplek is en geen erg daarin het om in die koshuisgemeenskap opgeneem te word nie. Hy word 'n sluiper wat af en toe in die gange opgemerk word en wat noodsaaklikerwys die basiese geriewe met die ander deel. So 'n persoon sal deur niemand as 'n X-er beskryf word nie, maar eerder net as 'n inwoner van X.

Dit bring ons by die verskil tussen 'n Afrikaner en 'n Afrikaanssprekende. Die Afrikaner is vandag, volgens prof. Dirk Kotze, "iemand wat die volkskenmerke, waardes en belange van die Afrikanervolk van nature besit en hulle probeer handhaaf, bevorder en uitleef, of wat hulle nie van nature besit nie, maar hom volkome daarmee vereenselwig en dit probeer uitleef en bevorder". Dus, by die Afrikaner is daar 'n aktiewe identifisering met sy groep, terwyl daar by die Afrikaanssprekende bloot die gemeenskaplike gebruik van die Afrikaanse taal is.

Die een is dankbaar-trots op sy Afrikanerskap, terwyl die ander een 'n passiewe passasier op die Afrikanerwa of selfs 'n remskoen is. Net so min as wat 'n koshuisgees sonder die bewuste deelname van sy inwoners opgebou kan word, net so min kan Afrikanerskap sinvol wees as daar niks meer as die gebruik van Afrikaans ter sprake is nie. Meer nog, net soos dit doelgerigte beplanning en samewerking vereis om koshuislewe vir die inwoners só stimulerend te maak dat 'n gevoel van ek-wil-nêrens-anders-bly-nie vanselfsprekend word, net so verg dit inspanning en meelewing van elke Afrikaner om Afrikanerskap só uit te bou dat die nuwe geslag hulle natuurlikerwys met die Afrikaner se strewes en tradisies wil vereenselwig.

Elke inwoner van koshuis X is 'n Matie; trouens, dit is onmoontlik om 'n X-er te wees as jy nie 'n ingeskrewe student aan die universiteit van Stellenbosch is nie. By intervarsity of karnaval of gradedag of watter geleentheid ook al, waar die studente van Stellenbosch na buite optree, wys elke X-er sy Matie-kleure, want dit is sy voorreg en vreugde om 'n Matie te kan wees. Dan word onderlinge verskille tussen koshuise vergeet en werk almal in 'n groter eenheid saam vir die sport, die naastediens en die akademiese prestasies van hierdie universiteit.

Die belangrike punt hier is dat die begrippe *X-er* en *Matie* op verskillende vlakke lê en glad nie met mekaar vergelykbaar is nie. Dit is myns insiens net so belaglik om te vra "is jy 'n Afrikaner of 'n Suid-Afrikaner?", as om te vra "is jy 'n X-er of 'n Matie?" Die een beweeg op die kulturele vlak, terwyl die ander 'n staatkundige begrip is. Die Afrikaner is immers deel van die Suid-Afrikaanse nasie en is deur sy burgerskap verbind om in die gees van *Ex Unitate Vires* deel te neem aan die opbou van die Republiek van Suid-Afrika. Daarom, op 31 Mei 1979, skuif verskille tussen bevolkingsgroepe op die agtergrond en herbevestig alle Afrikaners hul trou aan die gemeenskaplike vaderland.

Is Afrikanerskap werklik 'n blok aan die been vir 'n verenigde Suid-Afrika? Tog nie, want die kontak tussen volke bring dikwels die eie in elke volk nog sterker na vore; dit bevorder 'n persoonlike selfrespek en bevestig geestelike ankers en dit kan as 'n katalisatór in die uitlewing van elke persoon se burgerskap optree. Dit kan hulle beter en meer bewuste burgers van die Republiek maak.

Laat ons terugkeer na ons koshuiskampusvoorbeeld: Die koms van koshuisligas het nie die Maties se rugby verswak nie. Inteendeel, die kompetisie tussen koshuise het Stellenbosch een van die beroemdste rugbyklubs in die wêreld gemaak. Die andersheid van koshuise het gelei tot 'n dieper belangstelling en daarna tot 'n intensiewer

## MENINGS-AKTUEEL

deelname van studente aan beide koshuis- en Matierugby.

Op dieselfde manier kan die kulturele verskille tussen die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika heilsaam inwerk op mekaar om 'n meer verantwoordelike en volwasse burger daar te stel. Geanker in die sekuriteit van sy herkoms en die geloofsvertroue van die voortbestaan van sy bevolkingsgroep, kan so 'n persoon sy volle energie wei aan pogings om Suid-Afrika 'n beter woonplek te maak vir al sy inwoners. Daarteenoor loop die persoon wat sy andersheid negeer, die gevaar van 'n baie meer beperkte deelname aan die dinkproses en uitvoering daarvan, en op die agtergrond huiwer die spook van 'n belangelose grys massa wat in 'n stagnante traak-my-nieagtigheid hul lewens verwyl. As die lede van 'n bevolkingsgroep soos die Afrikaner doelbewus probeer om mekaar te inspireer om die Christelike norme en leefwyse na te streef, om hoë arbeidstandaarde vir hulself te stel, dan word hierdie beter kwaliteit tog ook outomaties na die Suid-Afrikaanse gemeenskap oorgedra. Die kernvraag is of so 'n poging tot verbetering hoegenaamd sal plaasvind as die dryfkrag van kleiner identifiseerbare groepe nie daar is nie; oftewel, of Suid-Afrikanerskap nie armer sal wees sonder Afrikanerskap nie?

**Daar is dus geen konflik tussen Afrikanerskap en Suid-Afrikanerskap nie; trouens hulle het mekaar nodig en vul mekaar aan. Daar kan egter ernstige probleme ontstaan as dit sou gebeur dat die een op die ander se gebied oortree, want dan word die terme vergelykbaar en word 'n keuse afgedwing.**

As koshuis X sou besluit dat sy rugbyspan belangriker as Maties se eerste span is, in die sin dat 'n X-er sou weier om vir die Maties te speel omdat hy vir X se span wil speel, of as X sou besluit om van die karnaval te onttrek en om liewers 'n eie optog vir gemeenskapshulp te hou, dan oortree X-erskap op die terrein van Matieskap. Net so, as die Afrikaner sy Afrikanerskap bo sy Suid-Afrikanerskap wil stel, dan moet hulle 'n tuisland vir hulself begin waar net Afrikaners woon en Afrikanerskap ook 'n staatkundige betekenis kan kry. Indien nie, pleeg die Afrikaner hoogverraad teenoor die land waarvan hy 'n burger is en moet dit op die ou end op burgeroorlog uitloop

### FANTASTIESE GEES

Omgekeerd, as die universiteitsgemeenskap vir koshuis X sou sê dat X moet verdwyn omdat die studente buite X jaloers voel oor X se fantastiese koshuisgees of om watter onbenullige rede ook al (wat nie uit wangedrag van X spruit nie), dan meng Matieskap hom met X-erskap in. Dit is ook wat gebeur as diegene wat die droom van 'n (ongedefinieerde) Suid-Afrikanerskap wil propageer, as eerste vereiste stel dat Afrikanerskap moet verdwyn of op die agtergrond skuif. Hulle wil 'n staatkundige begrip ook 'n kulturele betekenis gee. In 'n land met fisies waarneembare verskille soos taal en kleur in die bevolking en sonder 'n gemeenskaplike kulturele erfenis, is so-iets onmoontlik. Die vraag ontstaan of 'n gemeenskaplike taal kan ontstaan, dit wil sê of een van die twee amptelike tale nie sal moet verdwyn om hierdie droom te verwesenlik nie; en die taal wat gaan verdwyn, gaan nie Engels wees nie. Dit wil dus voorkom of hierdie soort Suid-Afrikanerskap (ook die taal) eis. Elke Afrikaner (en selfs Afrikaanssprekende) moet homself afvra of hy gewillig is om hierdie prys te betaal.

**Daar *is* plek vir Afrikanerskap in 1979; meer nog, dit is noodsaaklik dat daar Afrikanerskap (en ook ander -skappe binne ons bevolking) moet wees. Al wat kortkom is Afrikaanssprekendes wat uit hul letargie wakker skrik en met oortuiging sê "ek is 'n Afrikaner", want, soos dr. Willem de Klerk onlangs gesê het: "Identiteit is 'n dinamiese begrip. Ook in die identiteit van 'n volk kom daar veranderinge van profiel voor. Identiteit word geskep in die samespel van jou situasie".**



*Johan Els, hoofomroeper van Radio Matie gesels hier met Sy Edele Mnr. B.J. Vorster, die Staatspresident. Dele van die onderhoud sal mettertyd uitgesaai word.*

# Visie en oortuiging in SR se optrede

CHRIS HEYMANS, BUITEKRING 17, skryf:

IN die vyf jaar wat ek op hierdie kampus is, het 'n Studenteraad selde met soveel visie en oortuiging opgetree as wat die huidige SR verlede week gedoen het met hul mosie oor "oop" koshuise en danse.

Ek stel dit sonder huiwering dat hierdie groot stap 'n kombers gooi oor alle moontlike foute wat hierdie SR tot dusver gemaak het. Baie onlangs nog, sou hierdie stap as "gevaarlik vir volk en vaderland" gesien gewees het. Nou demonstreer dit egter 'n ooper gesindheid en 'n realistiese kennisname van mense se behoeftes – wat die logiese gevolg is van kontak tussen verskillende mense. Die feit dat selfs die konserwatiefste SR-lede vir hierdie mosie gestem het, dui op 'n verfrissende briesie wat deur die bedompige ruimtes van ons studente se gesindhede waai. Stellenbosch is, ondanks sy isolasie, nog steeds die leier in die Suid-Afrikaanse studente-gemeenskap.

### SR VERDIEN STEUN

Die SR verdien elke student se steun met hierdie inisiatief. Meer nog, hulle verdien 'n oop gesindheid van die hoër owerhede se kant. Stellenbosch kan hier 'n onewenaarbare bydrae maak.

### PRAAT EN LEEF DIESELFDE

Dit sal 'n groot dag vir Stellenbosch wees as ons met eerlikheid vir 'n kampus soos UWK kan sê: "Kry julle gesindheid reg. As julle nie wil skakel nie, is julle die bekrompenes en rassiste. Ons op Stellenbosch *praat* nie net menswaardigheid nie, ons *leef* dit uit."

**Dit sal nog 'n groter dag vir Suid-Afrika wees as elke Suid-Afrikaner, ongeag sy kleur, met soveel opregtheid, openheid en realisme optree soos wat die dertien studenteraadslede van Stellenbosch gedoen het. Laat hierdie stap asseblief net nie die einde wees nie. Maar wat 'n beginpunt is dit nie!**



Goodgoll, Said Campbell-Ewald 5294M



*Mnr. Robbie Blake van die plaas Libertas skink hier saam met Nikki Gerber 'n glasie nadat sy op dié plaas as Sjampanjenooi vir die Matie-Ikey Intervarsity aangewys is.*

# Studente nie so onkundig

PIETER MARAIS, EENDRAG, skryf:

HIERDIE brief is 'n reaksie op die skrywe van Piet Stofberg en is gerig aan diegene wat nie die uitslag van die ASB-referendum kan aanvaar nie.

Laat ons realisties na die SR kyk. Ten spyte van die studente se pleidooi in 1978 dat die SR polities leiding moet gee, is die SR vandag, soos oor die afgelope klompie jare, niks meer nie as 'n administratiewe liggaam, wat die ondankbare vuilwerk vir die studente doen. **In ruil hiervoor kry hulle status in die oë van die breër samelewing en die ondervinding en persoons verryking wat hiermee saamgaan.**

Mnr. Stofberg se redenasie dat die Studente-unie "op politieke vrae gekonsentreer" het tydens die verkiesing van die huidige SR hou, te oordeel aan die samestelling, nie water nie. Slegs ses van hulle – Jan de Wet, Frans Roelofse, Hilgard Bell, Nick Koornhof, Piet Stofberg en Renier Koegelenberg – is of was polities aktief in hul denke en handel. Die ander uiter soms 'n paar gedagtes en doen verder hul administratiewe take na die beste van hul vermoë.

NAÏWITEIT

Die naïwiteit van die SR se hantering van die ASB-kwessie lê daarin dat hulle gedink het dat die "onkundige massa" hul (demokraties verkose) leiers blindelings moet vertrou. Die "onvolwasse en onverantwoordelike" **studente-massa het méér as eensydige inligtingstukke geëis.**

Die natuurlike leiers het tydens die referendum na vore gekom en die studente gelei na hul goeddunke. En die Studente-unie het sy natuurlike leiers se standpunt bo dié van sy demokraties verkose leiers verkies.

Nou wil mnr. Stofberg weet hoekom mense soos Etienne van Heerden en Chris Heymans, wat met hul waardevolle ondervinding as hoofredakteurs van *Die Matie* uitstekende SR-lede (of lede van dit wat die SR behoort te wees) sou wees, nie vir die SR staan nie.

TE VEEL GEVRA

**Dit is te veel gevra van mense wat reeds iets op die kampus bereik het om hul bloot te stel aan 'n emosionele massa by die Sirkus of by 'n koshuisbesoek. Vandaar die onbekende groep SR-kandidate jaarliks. Die SR het sy aantreklikheid vir die natuurlike leiers verloor.**

**Wat is die alternatief? Die individu streef na belangrikheid – hy moet voel dat hy deel in besluite omtrent homself. Ek wil Chris Heymans se idee voorstaan. Kom ons kies 'n Studenteparlement van 120 lede – een verteenwoordiger vir elke 100 student – en laat hulle dan 'n soort SR van 13 lede kies. Die SP-lede kan gebruik word vir kommissies, komitees en as kanale na en van die Studente-unie dien.**

Die SP-lid kan dikwels 'n vergadering hou met die sowat 100 kiesers van sy afdeling en so sal 'n ASB-fiasko voorkom word.

SR NIE VERTEENWOORDIGEND

Die ASB-affêre was nie net 'n "mosie van wantroue" nie, maar ook 'n bewys dat die SR nie verteenwoordigend van Stellenbosch is nie.

**Mnr. Stofberg, as een van u skemas in die toekoms weer misluk, moenie die Studente-unie van "onvolwassenheid en onverantwoordelikheid beskuldig nie. Kyk na die stelsel waaraan hulle onderworpe is."**

# Klagkas

STUDENTEBELANGEKOMITEE

Omdat die funksie van die Studentebelangekomitee by uitstek dié is van inisieerder, is dit nodig dat dit met die studente skakel. Vir dié doel is daar 'n spesiale KLAGKAS by die Neelsieposbusse aangebring. As jy voel die Universiteitslid word te min gesing, of die SR maak droog, sê dit. Studente kan nie net in hul onverbonde toestand sit en verwag dat daar na hul griewe gekyk moet word nie. In Maart vanjaar is byvoorbeeld 'n klagte in verband met 'n onaangename reuk van koshuiswasgoed bevredigend opgelos, maar dit kon eers gebeur nadat die SB-komitee 'n klagte in dié verband ontvang het.


FOTO STUDIO
LOCKLEY



Cor Langenberg,
DIE FOTOGRAAF VIR DIE STUDENT
Vir u groepfotos, portret paspoorte,
huweliksfotos en gradeplegtigheidsfoto's.
KOM NA ONS VIR PERSOONLIKE DIENS
TEL. 3131 PLEINSTRAAT
BESTEL VROEG VIR HUISFOTOS!


# CHRISTENE MOET HELP MET LUCY

ADOLF JOUBERT, SLAVENHUIS, HERTESTRAAT 41, TEL. 2005, skryf:

MET hierdie brief wil ek 'n probleem aanroer waarmee baie studente – Christene, humaniste en politici – die afgelope jaar of twee te doen gekry het. Ek doen ook 'n beroep op alle betrokkenes, en dit sluit dus alle Christene vanweë hul belydenis in, om in liefde met my saam te dink oor hierdie saak.

Die probleem se naam is Lucy, 'n bruin vrou met krul hare, wat baie in Victoriastraat en by die Spur "werksaam" is. Wat ek dan nou skryf doen ek in die allergrootste liefde teenoor haar, my minder bevoorregte naaste, en om die wat verplig voel om te help, te prikkel tot nadenke.

Die volgende agtergrond is verkry van die welsynswerkster wat vir Lucy se sake verantwoordelik is. Lucy se drie kinders is verlede jaar deur die Welsyn van haar weggeneem omdat sy nie die vermoë (verstandelik en fisies) het om hulle of haarself aan die lewe te hou nie. (Sy wil haar ook nie laat steriliseer nie.) Sy is opgeneem in Stikland vir toetse en behandeling. Daar is bevind dat sy verstandelik baie vertraag is. Aangesien sy gedros het, is die kanse baie skraal dat sy weer opgeneem sal word, al wil sy ook. Daar is 'n lang waglys van gewillige pasiënte.

WIL NET GELD HÊ

Vir diegene wat meer wil help as net deur die verantwoordelikheid af te skud deur geld te gee, lewer dit probleme op. Lucy luister net na wat sy wil. En sy wil net geld hê. Sy skakel net af as 'n mens met haar begin gesels oor die situasie waarin sy haar bevind.

Sy bly wel in Kylemore (of het liewer as kind) waarvoor sy altyd busgeld soek. (Busgeld soontoe is deesdae ongeveer 60c, en retoer is dus R1,20). Sy gaan egter nie Kylemore toe nie. Vra maar hoeveel studente haar snags by die Spur of in Birdstraat sien. Sy hou ook baie daarvan om taxi te ry, sommer net na nêrens! Haar smaak is ook nie dié van 'n gewone student nie, sy wil alewig gebraaide hoender, sop, vis, pasteie, roomys en lekkers koop. En sy koop dit met die baie geld wat die klomp studente voorsien!

**Baie van haar breinskade is te wyte aan die drink van spiritus, alhoewel sy moontlik dit nie meer doen nie. Sy word verplig om met die Bergies te assosieer al wil sy dalk nie. Húlle drink wel spiritus. Moet dus nie vir haar in die versoeking plaas deur vir haar geld te gee nie. Sy het geen familie of vriende wat kan of wil help om haar te rehabiliteer nie. Is daar dalk iemand wat in hierdie verband raad kan gee?**

Laastens, en dan veral aan die manne wat baie maklik geld uithaal om hul verantwoordelikheid af te skuif – moet asseblief nie vir haar geld gee nie, dit vererger net die probleem. Gee vir haar werk en kos as betaling. (Pasop sy verkoop dit dalk – sorg dus dat sy dit eet!) Moet ook nie te emosioneel betrokke raak nie. Daar is baie studente op Stellenbosch wat minder kos het as sy. Sy kan dalk baie leer deur 'n slag sonder kos te bly vir 'n dag. (Sommige behoeftige studente moet dit doen!) Iemand anders het tien teen een alreeds vir haar sestig sent of 'n rand gegee. As jy dit ook doen het sy daagliks meer sakgeld as die gemiddelde student op Stellenbosch, en dit help haar nie.

**Indien iemand goeie raad het, plaas 'n brief in *Die Matie* sodat ons ons verantwoordelikheid teenoor minder bevoorregtes meer kan uitleef.**

# STOFBERG SLAAN BAL VER MIS

JOHN McCALLUM, OLD NECTAR, skryf:

IS dit moontlik dat die skrywer van die arrogante brief (*Maties weet nie wat hulle wil hê nie*) dieselfde persoon kan wees as die persoon wat verlede week in "Ou wyn in nuwe vate" oor nederigheid en afhanklikheid gepraat het? Ek verwys natuurlik na mnr. Piet Stofberg, ons plaaslike "Dr. Jekyll and Mr. Hyde." Volgens hom is die Studente-unie nie net "onvolwasse", "onverantwoordelik" en "onkundig" nie, maar hulle is ook 'n "massa dubbelpraters".

Aan die anderkant sien hy die SR-lede as persone wat gekies word "op grond van (hul) standpunte, beginsels en *bekwaamheid*". 'n Bietjie later beskryf hy die beslissing van die SR om 'n referendum te hou oor ASB-heraffiliasie soos volg: "Die SR volg die *eerlike* weg en vra 'n mandaat van sy kiesers om sy oortuiging toe te pas". Wat my hinder is nie soseer sy metode van redenering nie (ons kan miskien 'n bietjie later daaroor gesels), maar die toon waarmee hy praat. Waarskynlik het hy 'n baie lae opinie van die gemiddelde student, terwyl sy siening van homself en sy mede SR-lede (veral dié wat met hom saamstem) taamlik hoog is.

BEOEFEN BIETJIE GEDULD

Nou ja, mnr. Stofberg, dit is waar dat ons nie almal u vermoë het om so hoog te staan in die studentepolitiek nie, maar asseblief, beoefen 'n bietjie geduld met ons arme "plebs". Onthou as u ons as "dubbelpraters" voorhou, bevraagteken u nie net ons bevoegdheid om 'n mening in die studentepolitiek te hê nie, maar ook ons *bona fides*.

**Please, mr. Stofberg, be careful of hurting our feelings, because we have to be very careful of hurting yours.**

# US-BOEKWINKEL NIE PRAKTIES

STUDENTEBELANGEKOMITEE, skryf:

GEDURENDE die afgelope jare het studente voortdurend gevra waarom die Universiteit van Stellenbosch nie sy eie boekwinkel op die kampus het nie; 'n boekwinkel waar daar na die student se belange omgesien sou word. Maar hierdie saak is baie deeglik ondersoek en daar is baie goeie redes waarom die bestaande boekwinkelgeriewe eerder benut moet word.

Oor die afgelope paar jaar is daar gereeld in die argief van die Studentebelangekomitee vermeld van die probleme wat ondervind is. Dit is duidelik dat dié Komitee voortdurend bewus was van die uiters belangrike rol wat boeke speel in die student se kennisverkryging.

SELFS MINISTER

Uit inligting wat van ander universiteite ingesamel is, is 'n strategie uitgewerk. Daarna is kontak gemaak met studenteverteenwoordigers om die behoefte te peil, met die Universiteitsadministrasie om hul samewerking te verkry, en met die plaaslike boekhandelaarsassosiasie van Suid-Afrika. Selfs die Minister van Ekonomiese Sake, Doeane en Aksyns is in 1978 genader om te hoor of daar nie van owerheidsweë spesiale vergunnings gemaak kon word nie, aangesien 'n universiteit nie op sy kampus mag handel dryf nie.

**Die projek was nie net gemik op die kwessie van 'n universiteitsboekwinkel nie, maar het ook die beskikbaarheid van boeke ondersoek. Die kwessie van voorgeskrewe en aanbevole boeke is bekyk en daar is besluit dat beter koördinasie tussen die Universiteit en die handelaars en die studente bewerk moes word.**

'n Koördinerende Boeke-Advieskomitee is in die lewe geroep. Onder die voorsitterskap van die vise-rektor, prof. Mike de Vries, het die Komitee bestaan uit verteenwoordigers van die boekhandel op Stellenbosch, die biblioteek, dosente, 'n lid van die Studentebelangekomitee en 'n verteenwoordiger uit die Komitee vir Akademiese Skakeling.

Op 'n vergadering in 1978 het die Boekekomitee besluit dat boeklyste wat deur die verskillende departemente ingehandig word, maar nie eenvormig is nie; studentegetalle wat baie wissel van jaar tot jaar; en die boekwinkels wat boeke nie betyds in die hande kan kry nie, die knelpunte in die stelsel is.

Hierop het die doserende personeel die Boekekomitee die versekering gegee dat die euwel van 'n lang lys aanbevole boeke nou iets van die verlede sou wees. Selfs die Senaat het planne gemaak om die opgaar van boeke te bekamp.

**Boekpryse op ander kampusse kan ook maar nie verlaag word nie, as gevolg van die Boekhandelaars-assosiasie se magsposisie in prysbinding en boekvoorsiening.**

Uit al hierdie inligting het die huidige SB-komitee, onder voorsitterskap van Etienne Rabe, besluit dat 'n universiteitsboekwinkel buite die kwessie is en dat daar nie verder aan die punt aandag gegee sou word nie. Die Komitee kon hom met meer vrug vir ander sake beywer. Die voorsitter sou egter toesien dat die Boeke-Advieskomitee meer dikwels vergader en dat probleme wat opduik deur hierdie kanaal uitgestryk moet word.


U.U.B.
VIR AL U
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
Pleinstraat U.U.B.
Stellenbosch
Foon 4811


Rembrandt
SUPERIEUR MILD
Die Meesterstuk
in Ligter Rookgenot
Rembrandt
LONDON · HAM
FILTER DE LUXE
THE MASTERPIECE
DIE MEESTERSTUK
Rembrandt
SUPERIOR MILD
LONDON · HAMBURG · AMSTERDAM
REMBRANDT SUPERIEUR MILD
Die ligte sigaret wat u altyd graag wou rook.

# INTERVARSITY-UITSLAE

## MUURBAL

IN 'n uiters geslaagde intervarsity het die Ikeys beide die mans- en damesafdelings gewen. Dit was tel-kens duidelik dat die Ikeys meer ervaring gehad het en daarom sake in hulle guns kon beklink. Ikeys het in die mansafdeling twee spanne in die eerste liga, wat toon dat die Maties met gedugte teenstanders te doen gehad het.

Veral die Ikey-mans was op hul stukke en palm dan ook al die wed-stryde in. Baie goeie en opwindende spel is deur die Maties, John Meyer en Dereck Lawrence gelewer. Dit was veral John Meyer wat met sy gedeter-mineerde spel uitgeblink het. Met 'n bietjie meer geluk aan sy kant kon hy die wedstryd gewen het.

Onder die dames was dit net M. Hobson van die Maties wat haar wed-stryd kon wen (in skoon stelle). Glenda Hill was baie ongelukkig om haar wed-stryd te verloor, omdat sy aanvanklik met twee stelle teen nul voorgeloop het. Dit was egter duidelik dat die dames besonder baie ervaring kort in die harde skool van senior muurbal.

Die Maties het onder die omstandig-hede baie goed vertoon, en tree met eer uit die stryd teen die beter afgeronde en meer ervare Ikeys.

## PADAFLOS

MATIES se A-span het die jaarlikse padaflos teen die Ikeys die dertien-de agtereenvolgende jaar gewen. Die nege manne van Stellenbosch het die 65 km in 'n nuwe rekordtyd van 3 uur 33 min 21 sek gewen. Die rekord, wat in 1977 (ook deur Maties) opgestel is, is met 1 min 18 sek verbeter.

### REKORDS

Twee van Maties se spanlede het individuele rekords opgestel. Stephen Donald het die 8,5 km van Constantia-nek tot by Houtbaai in 26 min 11 sek afgelê. Dit verbeter Ferdi le Grange se ou rekord met 37 sek. Julian Marsay het die agste been van 8 km met 25 sek na 25 min 1 sek verbeter.

Die derde individuele rekord is deur Oud-Matie Andries Krogmann opgestel. Hy het die 7,1 km van die moeilike vyfde been in 25 min 7 sek afgelê. Die span van die Oud-Maties was tweede in 3 uur 45 min 34 sek, met die Ikeys se A-span derde in 'n tyd van 3 uur 45 min 46 sek.

Die diepte van Maties se langaf-stande is beklemtoon deur die feit dat die B-span slegs vier minute na die Ikeys by die eindpunt aangekom het (3 uur 49 min 8 sek). Vyf-en-veertig Maties het aan die aflos deelgeneem.

### MARSAY

Die wedloop het in koue weer by die Jameson-saal op Ikeys se kampus begin. Piet Badenhorst het in die eerste been 'n voorsprong van 39 sek opge-bou. Hy het die 6 km oor Constantia-nek in 20 min 38 sek afgelê. Daarna het Stephen Donald die tweede skof tot by Houtbaai in die nuwe rekordtyd afgelê. Vandaar tot oor Chapmanspiek het Hannes Potgieter en John Donald ook goed gehardloop.

John her verlede jaar 'n nuwe rekord vir die "af-gedeelte" van Chap-manspiek opgestel. Nuwelinge op Stel-lenbosch, Ernest van Eck en Johan Daffau, het die twee skofte op die Ou Kaapse Weg afgelê. Julian Marsay het sy rekord in die agte skof (oor Con-stantianek) opgestel. Paul Viljoen het die afrondingswerk gedoen en die Maties het 12 minute voor die Ikeys en Oud-Maties by die eindpunt aangekom.

Die Oud-Maties se span het o.a. uit manne soos Andries Krogmann, Danie Malan, Clive Dale, Danie Goosen, Neil Fourie en Lood Rabe bestaan.

### DAMES

Die dames van Stellenbosch het heeltemal skoonskip gemaak. Die A-span het die 10 km aflos van Con-stantianek tot by die Jameson-saal op die Kampus in 34 min 35 sek gewen. Die span was: Patsy Sharples, Judy Ryan, Annalise Kuun en Frieda du Plessis. Die B-span was tweede in 'n tyd van 36 min 44 sek, met die C-span derde (38 min 55 sek). Die dames van Kaapstad was vierde in 41 min 38 sek.

## HOKKIE

MATIES moes aanvanklik baie ver-dedig en die eerste helfte se hele spelpatroon was nie juis geken-merk deur hoogtepunte nie. Die Maties het veral die tweede helfte oorheers en die telling was 'n goeie refleksie van die spel. Twee korthoeke van die Maties is op die lyn gestop deur agterspelers en 'n strafhoek is ook deur Maties gemis wat moontlik die telling kon beïnvloed het. Die spel was ook te veel in die middel van die veld en indien meer verspreid oor die hele veld kon die patroon van die spel heeltemal anders gewees het. Die samespel het egter verbeter namate die wedstryd gevorder het en dit het gelyk of die Maties mekaar nou beter aanvul as in die begin van die seisoen. Hulle is na hierdie wedstryd nog steeds onoorwonne en is dus op hierdie stadium nog een van die min top spanne in die WP wat dié seisoen nog nie verloor het nie.

### REID-ROSS

Stuart en Dijckerman (wat Holland in die Olimpiese Spele verteenwoordig het) het baie goed vertoon en het deurentyd skitterend verdedig. Andy Procter (een van die gereelde spelers) is in die tweede helfte vervang met James Brink. Twee deurbrake van die Ikeys is skitterend deur die Springbok-doel-wagter, David Reid-Ross afgeweer. Vryslane is baie vinnig deur die Maties benut en het grotendeels bygedra tot meer balbesit gedurende die wedstryd. Adriaan van Eeden (een van die ou staatmakers) het baie gewillig vertoon en was 'n belangrike faktor in die Maties se aanval. Andy Schoeman het al twee die Maties se doele aangeteken.

### TWEEDE SPAN

Die tweedes het redelik goed ver-toon in die tweede helfte maar kon net een van die agterstallige doele inhaal nadat hulle mekaar in die eerste helfte nie kon vind nie. Die samespel het redelik verbeter ten die einde van die wedstryd. Dave Grangers het baie prominent vir die Maties vertoon. Die tweede span se spel is 'n bewys van die diepte van die Matie-hokkie se talent.

Die derde span het oortuigend met 3-0 gewen terwyl die vierde span ver-loor het.

### DAMES

Die eerste span het baie kanse verbrou deurdat hulle baie aanvalle nie suksesvol kon afrond nie. Hulle besit beslis baie individuele potensiaal maar samespel laat baie ruimte vir verbete-ring.

Na 'n nederlaag van 2-1 is hulle nie meer eerste op die ranglys nie en moes hulle drie punte inboet.

Die derde span het hulle wedstryde gewen terwyl die vierdes verloor het.

## KARATE

### MATIE A

Tydens die Karate-intervarsity ge-hou op 18 Mei in die D.F. Malan-sentrum, het die wedstryd tussen die A-spanne onbeslis geëindig op 10 punte elk. Die Maties het aanvanklik met mening ingeklim en die eerste drie gevegte is oortuigend gewen, waarna Ikeys weer die bordjie verhang het en ook drie agtereenvolgens ingepalm het. Met nog twee gelykop gevegte en een elk gewen deur die onderskeie spanne, het die telling op 10 punte elk geëin-dig. Vir die A-span het Wouter Brits die meeste punte ingesamel.

### MATIE B

Die B-span het hulle teenstanders heeltemal oorskadu en het 'n heel verdienstelike oorwinning van 16-4 be-haal. Die Maties het hier deurgaans meer aggressief vertoon en dit blyk dat daar heelwat diepte in die Matiespan bestaan omdat van die jonger lede in die B-span beslis groot potensiaal toon.

Volgens Bakkies Loubser, Matie-afrigter en 'n bekende in Karate-kringe, was hy baie beïndruk deur die Maties se vertoning en is daar 'n hoë standaard tydens die kragmeting gehandhaaf.

## Tai-otoshi



*Gustav Jessen van U.S. voer 'n Tai-otoshi (beengooi) op sy Ikey-teenstander uit tydens Saterdag se Judo Intervarsity. Die Maties het ook in hierdie sportsoort die oorwinning behaal. (Lees berig op bladsy 15.)*

## KOSHUISRUGBY

### DAGBREEK VS DRIEKOPPEN

In 'n opwindende wedstryd vol hardlooprugby slaag Dagbreek daarin om die Ikeykoshuis Driekoppen met 23 punte teenoor 4 te klop en sodoen-de hul onoorwonne status te behou. Die wedstryd is gekenmerk deur aan-vallende rugby en albei spanne het telkens van hul eie doellyn af met die bal begin hardloop.

Die eerste punte word in die sewen-de minuut van die wedstryd aange-teken toe Peter Smit (vleuel) 'n mooi drie druk na 'n breekslag deur Burns le Roux (senter). Hanekom (losskakel) slaag met die vervyfskop en Dagbreek loop 6-0 voor. Dagbreek se voorspelers vertoon goed in die vaste los en besorg aan die agterlyn goeie balle. Die lyn-staanwerk was egter deur die hele wedstryd taamlik slordig.

### DRIE

Hanekom slaag met 'n strafskop vir Dagbreek en die telling skuif aan na 9-0. Driekoppen verdedig goed en her-haalde aanvalle word gestuit. In die 25ste minuut kom Trautman (heel-agter) van Dagbreek in die agterlyn en 'n goeie beweging word afgerond met 'n drie in die hoek deur Potgieter (plaasvervangervleuel). Die vervyfskop misluk (13-0) en dit is ook die rustyd-telling.

Driekoppen begin die tweede helfte goed en val sterk aan. Die punte ontwyk hulle egter en dit is Dagbreek wat die mooiste drie van die wedstryd druk na 'n pragtige beweging deur voor- en agterspelers. Die goeie onder-steuning deur veral die losvoorspelers stel Dagbreek in staat om die losspel te oorheers, soos in dié beweging waar Visser (senter) uiteindelik oorval vir 'n drie. Hanekom skop raak en die telling groei aan na 19-0.

### DRIEKOPPEN

Driekoppen veg egter goed terug en teken hul enigste drie van die wedstryd aan toe Skerrer (slot) 'n drie druk na 'n voorspelerstormloop vanaf 'n straf-skop. Die vervyfskop misluk (19-4). Kort voor die einde van die wedstryd teken Dagbreek egter nog 'n drie aan toe Trautman (heelagter) 'n binne-aan-gee raakvat en druk aan 'n steelkant-beweging. Hanekom skop mis en dit bring die eindtelling op 23-4 te staan.

Die wedstryd is in tipiese inter-varsity-gesindheid gespeel en aantrek-like rugby is veral deur Dagbreek ge-speel. As Dagbreek sy foute kan be-perk, kan hy beslis vanjaar weer 'n krag in koshuisrugby wees.

VOLLEDIGE UITSLAE OP BL. 15

## TAFELTENNIS: MATIE-DAMES WEN

DIE Matie-damesspanne het met hul goeie oorwinnings in die tafel-tennis-intervarsity teen UK ver-goed vir die swak vertoning van die mans.

Die dames-eerstespan van Betsie Smit, Anne-Marie van der Westhuizen en Elize de Wet, het met 7-3 geseëvier. Vir die Stellebossers wen Betsie Smit al drie haar enkelspelwedstryde, in-sluitend die teen haar WP O/21-span-maat, Gail Peisach. Saam met Anne-Marie van der Westhuizen het sy ook die dubbelspel gewen. Die tweedespan klop die Ikeys met 7-3.

Die Matie-mans was egter ongeluk-kiger as die dames. Met spelers soos Alan Chait and Jonathan Shapiro in hul midde, was die Ikey-mans veels te vernuftig vir hul Matie-opponente. Mynhardt Augustyn skitter egter vir die Maties en klop Chait met -19/16/11 en Shapiro met 18/17. Die Kapenaars wen al die ander wedstryde en wen 8-2. Ook die Ikey-tweedes was bobaas op die tafel en wen 10-0.

Dit het duidelik uit dié kragmeting geblyk dat die Maties ook hier swaar getref word deur die reëlings dat slegs bona fide-studente in die intervarsity mag speel.

DEVON VALLEY HOTEL
★ ★ TYYY
STELLENBOSCH TEL. 3814
A LA CARTE RESTAURANT
DAMES SE KROEG.
TEN VOLLE GELISENSIEERD
ALLE KAMERS MET PRIVATE
BADKAMERS, RADIOS, TELEFONE.
IN DIE HART VAN DIE STELLENBOSSE WYNROETE
NATUURLIKE UITSIG VAN HOTELSTOEP.
EET EN DANS ELKE SATERDAG MET
DIE ORKES VAN JOHAN STEMMET.
KLAVIER-, ORREL- EN KITAARMUSIEK

# VOLLEDIGE UITSLAE VAN INTERVARSITY

KLUBRUGBY
U.S. I 15 – U.K. 3
U.S. II 32 – U.K. 7
U.S. III 32 – U.K. 12

KOSHUISRUGBY
Huis Marais 42 – College House 4
Wilgenhof 36 – Leo Marquard 0
Dagbreek 24 – Driekoppen 4
Helshoogte 32 – College Old Boys 6
Libertas 16 – Rhodesia Society 3
Oude Molen 27 – Kavaliers 17
Eendrag 24 – Smuts Hall 0
Pieke 22 – University House 15
U.S. Medies 12 – U.K. Medies 3

MANSHOKKIE
U.S. I 2 – U.K. 0
U.S. II 1 – U.K. 2
U.S. III 3 – U.K. 0
U.S. IV 1 – U.K. 2

DAMESHOKKIE
U.S. I 1 – U.K. 2
U.S. II 3 – U.K. 0
U.S. III 4 – O. Kollege 0
U.S. IV 0 – U.K. 3

SOKKER
U.S. I – 1; U.K. – 0
U.S. II – 0; U.K. – 2
U.S. III – 2; U.K. – 1

NETBAL
U.S. I 29 – U.K. 3
U.S. II 28 – U.K. 6

JUDO
U.S. Mans 30 – U.K. 15
U.S. Dames 4 – U.K. 1

MANS TAFELTENNIS
U.S. I 2 – U.K. 8
U.S. II 0 – U.K. 10

DAMES TAFELTENNIS
U.S. I 7 – U.K. 3
U.S. II 7 – U.K. 3

PLUIMBAL
U.S. 9 – U.K. 6

PADAFLOS
Mans: 1ste – U.S. A 3:33,21.
2de – Oud-Studente 3:45,34
3de – U.K. 3:45,46
4de – U.S. B 3:49,08
5de – U.K. Oud-Studente 4:00,05
6de – U.S. C 4:00,40

Dames: 1ste – U.S. A 34,35
2de – U.S. B 36,44
3de – U.S. C 38,55
4de – U.K. A 41,38
5de – U.K. B. 41,49
6de – U.K. C 44,07

Die Maties het dus weereens bo uitgekom deur 26 van die 34 moontlike kragmetings te wen. Dan is die uitslae van die skerm nie bygereken nie. Dié was ter perse gaan nie beskikbaar nie. Baie geluk aan al die Matie sportvroue en -mans wat só suksesvol aan die Intervarsity deelgeneem het.

# VLUGBAL

DIE Ikeys was Saterdag bobaas in die vlugbal-intervarsity teen die Maties toe beide hulle spanne wen.

Na 'n harde wedstryd wat al vyf die stelle dek, klop die Ikey-tweedespan die Matie-span. Die stelle het soos volg verloop: 17/15 US, 15/2 UK, 18/16 US, 15/17 UK en 16/4 UK. Die Ikeys het die laaste stel geheel en al oorheers. Die helfte van die Ikeyspan het uit dames bestaan. Marina Kramer van UK het uitstekende spel gelewer.

Die eerste-span was ongelukkiger en verloor 6/16, 15/17 en 13/15. Die Matie-span het eers teen die einde op dreef gekom nadat hulle baie los gespeel het. Die Ikeys het egter hul voorsprong behou en het alles ingesit. Oor die algemeen was daar nie baie mokerhoue nie. Beide spanne was versigtig en geeneen wou onnodige foute maak nie. Dit het gemaak dat die spel baie passief was.

Wat baie teleurstellend was, is die feit dat die toeskouergetal so beperk was. Daar was slegs twee Matie-toeskouers. 'n Twintigtal Ikey-ondersteunders het luidende hulle span toegejuig. Waar is die Maties se gees? Die Ikeys stel waarlik 'n voorbeeld.



*US se Springbokskermer, Anthony Thompson, (regs) in aksie teen UK se Rob Stein tydens die Intervarsity-skerm. Thompson doen hier 'n steek-aanval op sy teenstander.*

# JUDO OPWINDEND

STELLENBOSCH het verlede jaar se Intervarsity-oorwinning herhaal, maar die uitslag was tot en met die laaste geveg in die weegskaal. Die Ikeys was nie net gemotiveerd om verlede jaar se nederlaag te wreek nie, maar het ook 'n beter span as verlede jaar in die veld gestoot.

Die stryd is ingelei deur 'n kragmeting tussen die twee B-spanne wat deur die Ikeys met drie gevegte teen twee (23 punte teen 15 punte) gewen is. Nadat Jessen en Lempert in hul onderskeie gevegte deur die Ikeys, Davis en Le Roux, geklop is, het Coert Venter en Geoff Broadhurst vir 'n taai geveg gesorg. Alhoewel Broadhurst al W.P.-kleure ontvang het, het dit nie vir Venter afgesit nie en het hy dan ook 'n goeie geveg met punte in sy guns beklink.

Die laaste twee gevegte is baie gou afgehandel. Zöllner van Ikeys het Johan Steyl sommer vroeg met 'n houvas oorwin, maar Manie Bosman het die bordjie verhang deur Greenberg baie gou met 'n houvas uit te skakel.

Die meisies maak vanjaar geskiedenis deur ook op die mat te verskyn. Die ernstige kompetisie is dan ook vir 'n wyle ter syde geskuif, maar dit wil nie sê dat die meisies nie hul gevegte ernstig benader het nie.

Die eerste twee gevegte was dan ook in 'n japtrap verby. Marie Fritz het vanaf die begin die oorhand teen Burrows gehad en die Maties met 'n vinnige houvas laat voorloop met 1-0. Harloe (Ikeys) het egter in die tweede geveg onmiddellik die bordjies verhang deur 'n houvas in die openingsminuut toe te pas en die telling 1-1 te maak. Die laaste geveg was taai, maar niemand wou toegee nie, maar Annelien le Roux beklink dit met 'n punteoorwinning. Die meisies wen só die gevegte 2-1 en die wedstryd 4-1, want Ikeys kon nie 'n span van vyf in die veld stoot nie.

Die A-spanne het mekaar vanaf die begin vasgevat. Die meer ervare Kevin Phillips het onverwags vasgeval teen die Ikey, Oddes, wie se goeie tegniek aan hom 'n goeie oorwinning besorg het.

Hans Hoefnagels het hierna vir Atilla Molnar, die Ikeys se kaptein en nommer een, aangedurf en hom goed van sy taak gekwyt. Dit was egter duidelik dat Molnar ten spyte van 'n beenbesering, die meer vernuftige van die twee is en hy het aan Ikeys hul tweede oorwinning besorg.

'n Interessante geveg het hierna gevolg waarin Steve Conradie en Rusty Hubbard (Junior Springbok) mekaar gepak het. Steve Conradie teen Rusty Hubbard: Steve was duidelik die sterker een en het knaend gepoog om die Ikey onder druk te plaas, maar Hubbard se tegniek en meer konstruktiewe grepe het hom van 'n oorwinning verseker.

Die Maties was op dié stadium in die knyp en moes eenvoudig die oorblywende drie gevegte wen om die Intervarsity-kampioene te bly.

Lizamore van Ikeys het vanaf die begin teen 'n hoë pas teen Deon Malherbe geveg en voorgeloop totdat Deon onverwags 'n houvas op hom toegepas het en Maties moed laat skep het.

Peter Thornhill het dan ook nie op hom laat wag nie en hierop voortgebou deur baie vroeg 'n wurgslot op Raath toe te pas. Drama was dan ook deel van dié geveg, want dit het 'n ruk geduur voordat Raath bygekom het en Maties vir die eerste keer voorgeloop het.

Francois Rulfo het die uitslag bo alle twyfel gestel. Hy het onmiddellik die oorhand oor Brian Mulligan gehad en met sy houvas verseker dat Maties met punte (30-15) kon wen, alhoewel die gevegte gelykop (3-3) was.

# PLUIMBAL

Die Maties het verlede jaar se naelskraapse 8-7 sege, vanjaar met 'n redelik maklike 9-6 oorwinning opgevolg. Dit was egter eers in die gemengde dubbels dat die Matiespan die Ikeys se aanslag kon afweer.

Deon du Plessis het die eerste enkelspel, na 'n taai stryd teen Kim Frazer, met 18-17 gewen. Nadat hy in een stadium met 4-8 agter was, het hy met goeie houe Frazer se houvas gebreek en die wedstryd ingepalm.

Die twee nommer een-spelers Johan Coetzee (Maties) en Keith Gurney, het vir goeie pluimbal gesorg. Johan het veral beïndruk met sy dwarshoue, maar Gurney was die meer afgeronde speler en het met 17-14 gewen.

**DAMES**

In die damesenkelspel het Judy Ferreira vanaf die begin swaar gekry teen die Ikey eerstespeler, Triblehorn, wat die wedstryd 11-7 vir Ikeys gewen het. In die dubbelspelwedstryde het die Ikeys die mans- en die Maties die dameswedstryde oorheers. Johan Coetzee en Stanley Henning het 'n baie goeie oorwinning oor die Ikeys se A-span behaal, maar die ander drie wedstryde het almal op oorwinnings vir die Ikeys uitgeloop. Die uitblinkers in die dubbels was Coetzee (Maties) en Anderton van Ikeys. Eersgenoemde het beïndruk met sy goeie houeplasing, terwyl laasgenoemde bereid was om elke pluimpie te jaag en só vir mooi terughoue gesorg het.

**DUBBELS**

Die damesdubbelspelwedstryde is almal baie maklik deur die Maties gewen. Elsa Mocke en Hanlie Loots van die Maties se B-span het bv. 15-8 teen Ikeys se A-span gewen.

Met die aanvang van die gemengde dubbelspel was Stellenbosch slegs 6-5 voor, maar die Ikeys kon net nie die mas opkom nie. Die Matiesmeisies se ondersteunende spel het die mans gehelp om drie van dié vier wedstryde te wen.

Ikeys, verlede jaar se Suid-Afrikaanse universiteite-kampioene sal dus volgende jaar maar weer moet probeer om die Intervarsitykroon van die Maties af te neem.

# MATIE-SOKKER

DIE Stellenbosse Sokkerklub het hierdie seisoen hoogtepunte en laagtepunte beleef, en die eerste span het sy oomblikke van glorie en van vernedering gehad. Die hoogtepunt van die seisoen was die oorwinning van drie doele teen een oor die sterk Bellville-span.

Na die eerste vier ligawedstryde het die Maties nog nie 'n oorwinning behaal nie. Die afrigter, Frank Lyons, het drasties opgetree en sewe eerstespanspelers uit die span weggelaat vir die volgende wedstryd. Die nuwe span het al drie hul volgende wedstryde gewen. Dit was die wedstryde teen Kingston Rovers, Bellville en Maitland wat almal met drie doele teen een gewen is. Volgens mnr. Lyons beskik die Maties oor al die nodige potensiaal. Wat egter ontbreek is die nodige samespel om 'n gebalanseerde span te vorm.

Uitslae tot dusver vir die seisoen onder die hoofde gespeel, gewen, verloor, gelyk, doele vir, doele teen, en punte lyk soos volg:

| S | W | V | G | DV | DT | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 3 | 4 | 2 | 16 | 17 | 8 |

Tweede span.

Die tweede span het goed afgesit en sy eerste drie wedstryde gewen, maar a.g.v. 'n insinking verloor die span die volgende vier wedstryde.

| S | W | V | G | DV | DT | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 4 | 4 | 1 | 25 | 17 | 9 |

Derde span.

Die derde span is in die negende liga ingeskryf en is tans die enigste onoorwonne span in dié liga. Die span het 'n gemiddelde ses doele per wedstryd aangeteken en tot op datum was die grootste oorwinning 11-3 teen Barclays.

| S | W | V | G | DV | DT | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 6 | 0 | 0 | 40 | 5 | 12 |

Die Suid-Afrikaanse Universiteite-Sokkertoernooi word van 2 tot 7 Julie op Stellenbosch gehou. Die Maties se span is.
P. Briggs, G. Cohen, C. du Toit, R. Farrell, W. Hamman, B. Ihlein, H. Kraatz, A. Mynhardt, R. Pina, H. Schlange, A. Stassen, P. Storey.



COLIN DU TOIT



GEOFF COHEN



ANDY MYNHARDT



WALLY HAMMAN

In die volgende uitgawe van *Die Matie* sal daar 'n volledige tabel geplaas word van die stand van spanne in die sokker-koshuisliga. In hierdie stadium is Helderberg die voorlopers in die A-afdeling.

pikkie blommaert
mansuitruster
stellenbosch

# INTERVARSITY — MATIES SWEET VIR SEGE TEEN IKEYS

KOBUS BASSON

**DIE Maties het verlede Saterdag die jaarlikse intervarsity teen die Ikeys met 15-3 gewen. Hoewel die telbord teen hulle was, was dit egter die Ikeys wat tevrede met hulself kan voel, omdat hulle met 'n goeie spanpoging heelwat verlore prestige herwin het.**

Die Ikeys van Chris Hugo-Hamman het 'n moeilike taak gehad om teen 'n Matiespan te speel wat vanjaar nog alle teenstand voor hom platgevee het. **Onder leiding van Hugo-Hamman, wat met sy eie spel 'n goeie voorbeeld gestel het, het die Ikeys 'n prysenswaardige poging aangewend en die Maties behoorlik laat sweet om die wedstryd te wen.** Hugo-Hamman het selfs vroeg in die wedstryd 'n lelike wond aan sy kop opgedoen en voortgegaan om te speel tot kort voor die einde.

### HUMEURE

Die wedstryd was nie baie skouspelagtig nie, omdat die twee spanne mekaar voorlangs goed vasgevat het en ook weens die uitstekende verdediging, veral aan die kant van die Ikeys. Die strawwe kompetisie voorlangs het ook die gevolg gehad dat die humeure soms hoog opgevlam het, en daar toe 'n hele paar vuishoue uitgedeel is. Na een so 'n onderonsie is Shaun Povey, haker van Maties, en Peter Munnik, Ikey-senter, na die koelkas gestuur.

Wat die voorspel betref, was dinge redelik gelykop, alhoewel goeie springwerk deur Willem Schmidt die skaal effens in die Maties se guns geswaai het. Schmidt het 'n baie goeie wedstryd gespeel. Die skrums het redelik gelykop verloop en Ducas en Povey het elk een vaskop gehak. Van die vaste voorspelers het Flippie van der Merwe effens teleurgestel, want buiten die lynstane, waar hy 'n paar balle gevat het, was hy maar baie stil.

### ROB LOUW

**In die losspel het die losvoorspelers aan albei kante hul hart uitgespeel, en die verskil het miskien net gekom by Rob Louw wat weer eens 'n skitterende wedstryd gespeel het. Louw het heel dikwels soos 'n pyl uit 'n boog op die Ikeys se agterspelers afgestorm en hulle telkemale in die stof laat byt. Sy twee flankmaats André Pienaar en Roelf Louw, het hom goed ondersteun, maar die Ikeys se lostrio, Wessels, Johnson en Dovey was self soos tiere op die bal en het hul agterspelers baie goed bygestaan op die verdediging.**

Die Ikeys se agterlyn het op die verdediging baie vlak gelê, en dit het die Matie-agterlyn baie min beweegruimte gelaat. Onder die Matie agterspelers was die groot uitblinkers hul vleuels, kaptein Pierre Goosen en Pierre Oosthuizen. Veral Oosthuizen was altyd gevaarlik as hy die bal in die hande gekry het. Die senterpaar, Du Plessis en Barnard, het goeie dinge gedoen, maar kon meestal nie die agterlyn glad laat beweeg nie, omdat hulle nie kon aansluit na 'n breek nie, of omdat hulle te lank aan die bal geklou het. Durr het op losskakel netjies vertoon, en sy taktiese- en lynskoppe was uitstekend. Hy kon egter nie sukses behaal met sy skoppe na die pale nie. Martyn van Blommenstein het ook redelik vertoon en veral die Ikeys moeg gemaak met sy spel, saam met sy losvoorspelers, om die skrum.

### PUNTE

Die eerste punte is na sowat twintig minute aangeteken deur Colin Bense, losskakel van die Ikeys, toe hy met 'n strafdoel geslaag het. **Bense was 'n uitblinker aan die kant van die Ikeys, en alhoewel hy onder druk geplaas is deur die Matie-losvoorspelers, het hy baie ondernemend vertoon.** Die Maties druk hierna twee mooi drieë voor rustyd, toe eers Pierre Goosen en daarna Willie du Plessis oorgaan na mooi bewegings. Na rustyd het die telling lank op 8-3 gebly totdat Johan Durr 'n mooi skepskop oorgestuur het om die telling op 11-3 te staan te bring. Kort voor die einde gaan druk Van Blommenstein nadat Schmidt en Deon Lötter mooi voor om die lynstaan gedryf het.

In die geheel gesien, was dit 'n goeie Intervarsity met minder sprankelende rugby, maar twee spanne wat mekaar baie goeie teenstand gebied het.



*Rob Louw (met die bal) word hier deur J. Dovey voorgekeer, maar Willem Schmidt en Roelf Louw is byderhand om die beweging voort te sit. Rob het kort hierna gedruk, maar die drie is ongelukkig nie toegeken nie.* (Foto: Die Burger)



*Die Matie-kaptein Pierre Goosen ontwyk die Ikey-senter J. Olivier. Rob Louw storm nader om hand by te sit.* (Foto: Die Burger)




KWARTUS SIEBERHAGEN

SATERDAG het dit maar sukkel-sukkel gegaan. Hier op Matie land kan ons baie dankbaar wees dat die Ikeys nie die spelers gehad het om vir die noodsaaklike deurbraak te sorg nie. Hulle he hul in elk geval baie goed van hul taak gekwyt en verras met hul spel. Dit was jammer dat die wedstryd by tye ontsier is deur ruwe spel. Dit is iets wat nie by enige rugbywedstryd tuishoort nie, en glad nie by 'n intervarsity nie.

Die laaste koshuiswedstryde is Woensdag gespeel; ongelukkig te laat vir publikasie. Nou bly daar nog net die eindstryd om die Jim Fouché-beker oor. Die afgelope kwartaal het ek verskeie koshuiswedstryde bygewoon en nie net in die eerste liga nie. Dit was ontstellend om te sien hoe die skeidsregters die reëls verskillend interpreteer, veral in die laer ligas.

### REËLS

Die verskillende reëls verwar reeds die spelers en veral die toeskouers. 'n Mens kan net nie meer op hoogte bly met al die verwikkelinge nie. Die spelers moet hul nou ook gedurende die wedstryd aanpas by die reël interpretasie wat die skeidsregter toepas. Dit gebeur dat die toeskouers nie verstaan wat aangaan nie, omdat die reëls so oortree word, en daar nie opgetree word nie. Die skuld moet aan die Klub gegee word wat Stellenbosch se koshuisrugby as proefkonyn gebruik. Ek het dit nie teen eksperimentering nie, maar dan moet dit vanaf die begin van die seisoen konsekwent toegepas word en nie elke tweede week verander word nie.

### TELEVISIE

Die SAUK het voorverlede Maandag aand hul prestige atletiek-byeenkoms ge hou. As dit vergelyk word met die atle tiek wat ons die vorige week hier op Coetzenburg gesien het, is daar 'n baie groot verskil. **Die vraag bestaan hoekom die res van die land nie saam met ons die skitterende atletiek kan geniet nie, terwyl ons met die Transvaal s'n opgeskeep moet sit.**

### DALRYMPLE

**Mnr. Jannie Momberg, voorsitter van die Stellenbosse Atletiekklub, het ges dat Stellenbosch die einde van die jaar weer die Dalrymple-beker kan wen met skitterende atlete soos Bertie de Wet, Ernst van Eck, Louis Olivier en andere.** Ons kan baie dankbaar wees dat ons sulke goeie eerstejaars getrek het. Moet ons egter nie voorsiening maak vir die jare wanneer dit nie so goed sal gaan nie. Daar is baie studente wat op skool rede lik goed gevaar het in atletiek, maar weens die gebrek aan afrigting op Stellen bosch verloor hulle later belangstelling. Daar word net gekyk na die atlete wat goed presteer en die res moet maar op hulle eie aankarring.

### FASILITEITE

Hier op Stellenbosch word sokker vreeslik afgeskeep. Die meeste koshuis klubs kla oor die feit dat hulle nie die nodige fasiliteite het om te oefen nie. Hulle moet maar kyk waar hulle 'n veld kry om te oefen en baie spanne, by ge brek aan die regte geriewe, oefen som mer op enige oop stuk grond. Ek dink hierdie gesukkel moet die spelers frus treer. Ongelukkig is dit nie vir die Uni versiteit moontlik om op die huidige tyd stip enige uitbreidings aan te bring nie. Omdat televisie egter soveel dekking aan sokker gee voorspel ek dat dit kort voor lank sal gebeur dat sokker meer aandag sal ontvang, veral van die Afrikaans sprekendes. Dan sal fasiliteite noodwen dig uitgebrei moet word.

Wilhelms
SPORT
Andringastr. 19
Stellenbosch 7600
Tel. 02231-4794
BESOEK DIE MEKKA VAN SPORTBENODIGDHEDE
vir
PUIK DIENS
om alle belangstellings te bevredig